SKOLE
ondersteuningsentrum

Verslag oor die

# NASIONALE MATRIEKUITSLAE 2025

skole.co.za



# Aanbod aan SOS-Lidskole


## Word deel van die vakvereniging(s) van jou keuse!

**AGV** – Afrikaanse Grondslagfasevereniging – Graad R tot 3
**AHV** – Afrikaanse Handelsvakvereniging – EBW, Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie
**AOV*** – Algemene Onderwys Vakvereniging – Alle ander personeellede of vakke
**GeRAT** – Genootskap vir Regte Afrikaanse Taalonderwysers – Afrikaans Huistaal en Afrikaans EAT
**JAPIE** – Dr. Japie van Zyl Robotikavereniging – Robotika en Kodering
**KV** – Kleuterskoolvereniging – 0 tot 5 jaar
**KUNS** – Kuns Vakvereniging
**LBV** – Landbouvakvereniging
**LV** – Leierskapsvereniging – Skoolhoofde, skoolbestuur en beheerliggaamlede
**SV** – Rassie Erasmus Sportvereniging – Afrigters, organiseerders
**SW** – Sosiale Wetenskappe-vereniging – Sosiale Wetenskappe, Geskiedenis en Geografie
**T.I.K.** – Tegnologie in die klaskamer
**TV** – Tegniese Vakvereniging – IGO, Tegnologie en Elektriese Tegnologie
**VAW** – Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde-onderwysers– Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Tegniese Wiskunde
**WETO** – Wetenskaponderwysersvereniging – Fisiese Wetenskappe, Natuurwetenskappe en Lewenswetenskappe
**ENG** – Engels Eerste Addisionele Taal Vakvereniging
**VOLO** – Vereniging vir Onderwysers van Lewensoriëntering – Graad 7 tot 12

**Skandeer dié kode op jou slimfoon en sluit aan!**

* Geen vakgerigte hulpbronne vir AOV

**Lidmaatskap aan een van ons vakverenigings verdien 12 CPTD-punte**




**Voordele sluit in:**

- Toegang tot duisende werkkaarte, toetse, vraestelle en assesserings
- Lesbeplanning
- SARO-geakkrediteerde opleiding (waar aangedui)
- SOS-Kongresse teen afslagtariewe

**Besoek skole.co.za**

# Inhoudsopgawe


**Voorwoord** 6
Afrikaanse Skole: Die hoeksteen van 'n volhoubare toekoms

**Inleiding** 7
Afrikaanse uitslae, uitsonderlikheid in fokus

**Oorsig van die nasionale matriekuitslae 2025** 8
NSS steeds maatstaf van akademiese uitnemendheid in Suid-Afrika 8
Opsomming van die DBO se NSS-slaagpersentasie van 2016 tot 2025 10
DBO: NSS-slaagsyfer van 2016 tot 2025 10
IEB: NSS-slaagsyfer van 2016 tot 2025 11
SACAI: NSS-slaagsyfer van 2023 tot 2025 12
Provinsiale slaagsyfer van DBO se NSS-eksamen: 2018 tot 2025 12
Nasionale deurvloeisyfer vanaf graad 1 tot graduering 14

**Wiskundige vakke se prestasies** 15
Nasionale Wiskunde-persentasie 16

**Ander kernvakke** 17
Sterk prestasie in verskeie kernvakke 17

**Afrikaanse skole** 18
Vergelyking van Afrikaanse skole teen skole nasionaal 18
Verlore kandidate 20
B-graadtoelating van Afrikaanse skole teenoor nasionale uitslae 20
Wiskunde-prestasie: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal 21
Fisiese wetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal 24
Lewenswetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal 25
Afrikaans Huistaal-prestasie 26

**Toppresteerders** 27
Top 20-skole: Dié skole blink uit in 2025

**Samevatting** 52

**Aanbevelings** 54

**Bronne en erkennings** 59





AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES
STUDEER
voltyds op die Pretoria- of Paarl-kampus
OF
nauurs oor afstand vanaf enige plek ter wêreld
VOORGRAADSE STUDIEAANSOEKE VIR 2026
SLUIT OP 30 JANUARIE
www.akademia.ac.za
Stuur ŉ WhatsApp-boodskap na 087 997 1790
Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwys- instelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997
Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# Tabelle & grafieke


| | | |
|---|---|---|
| **TABEL 1:** | Vergelykende statistiek van DBO, IEB en SACAI. | **8** |
| **TABEL 2:** | Vergelykende Vakgemiddelde van DBO, IEB en SACAI. | **9** |
| **TABEL 3:** | Nasionale slaagpersentasie van die DBO se NSS-eksamen: 2016 tot 2025. | **10** |
| **TABEL 4:** | Nasionale slaagpersentasie van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB): 2016 tot 2025. | **11** |
| **TABEL 5:** | Nasionale slaagpersentasie van die Suid-Afrikaanse Komprehensiewe Assesseringsinstituut (SACAI): 2023 tot 2025. | **12** |
| **TABEL 6:** | Provinsiale slaagsyfer van DBO se NSS-eksamen: 2018 tot 2025. | **12** |
| **TABEL 7:** | Prestasie van Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde vir 2025 se DBO-eksamen. | **15** |
| **TABEL 8:** | Wiskunde-slaagpersentasie: 2016 tot 2025. | **16** |
| **TABEL 9:** | Prestasies in kernvakke: 2022 tot 2025. | **17** |
| **TABEL 10:** | Vergelyking van die nasionale slaagpersentasie met dié van Afrikaanse skole 2025. | **18** |
| **TABEL 11:** | Prestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2025. | **19** |
| **TABEL 12:** | Wiskundeprestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2025. | **19** |
| **TABEL 13:** | Vergelyking tussen verlore kandidate 2024 en 2025. | **20** |
| **TABEL 14:** | Vergelyking tussen B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae 2025. | **20** |
| **TABEL 15:** | Wiskunde-prestasie van skole nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2025. | **21** |
| **TABEL 16:** | Persentasie wat Wiskundige vakke neem: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2019 tot 2025. | **21** |
| **TABEL 17:** | Vergelyking in resultate van Wiskundige vakke in Afrikaanse skole: 2025. | **22** |
| **TABEL 18:** | Top 10 Afrikaanse skole met hoogste persentasie Wiskunde-kandidate. | **22** |
| **TABEL 19:** | Vergelyking van die nasionale Wiskunde-slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole: 2025. | **23** |
| **TABEL 20:** | Prestasie in Fisiese Wetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2025. | **24** |
| **TABEL 21:** | Prestasie in Lewenswetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2025. | **25** |
| **TABEL 22:** | Prestasie in Afrikaans Huistaal: 2020 tot 2025. | **26** |
| **TABEL 23:** | Vergelyking van die prestasie van die vyf grootste huistale: 2025. | **26** |
| **TABEL 24:** | Top 20-skole met die meeste onderskeidings landwyd. | **28** |
| **TABEL 25:** | Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd. | **29** |
| **TABEL 26:** | Top 20-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd. | **30** |
| **TABEL 27:** | Top 20-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd. | **31** |
| **TABEL 28:** | Top 20-klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd. | **32** |
| **TABEL 29:** | Top 20-klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd. | **33** |
| **TABEL 30:** | Top 3-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat per provinsie. | **34** |
| **TABEL 31:** | Top 20-skole met die meeste Afrikaans Huistaal-onderskeidings. | **36** |
| **TABEL 32:** | Top 20-skole met die meeste Afrikaans Huistaal-onderskeidings per getal kandidate. | **37** |
| **TABEL 33:** | Top 20-skole met die meeste Engels Eerste Addisionele Taal-onderskeidings. | **38** |
| **TABEL 34:** | Top 20-skole met die meeste Engels Eerste Addisionele Taal-onderskeidings per getal kandidate. | **39** |
| **TABEL 35:** | Top 20-skole met die meeste Wiskunde-onderskeidings. | **40** |
| **TABEL 36:** | Top 20-skole met die meeste Wiskunde-onderskeidings per getal kandidate. | **41** |
| **TABEL 37:** | Top 20-skole met die meeste Fisiese Wetenskappe-onderskeidings. | **42** |
| **TABEL 38:** | Top 20-skole met die meeste Fisiese Wetenskappe-onderskeidings per getal kandidate. | **43** |
| **TABEL 39:** | Top 20-skole met die meeste Rekeningkunde-onderskeidings. | **44** |
| **TABEL 40:** | Top 20-skole met die meeste Rekeningkunde-onderskeidings per getal kandidate. | **45** |
| **TABEL 41:** | Top 20-skole met die meeste Ingenieursgrafika en -ontwerp-onderskeidings. | **46** |
| **TABEL 42:** | Top 20-skole met die meeste Ingenieursgrafika en -ontwerp-onderskeidings per getal kandidate. | **47** |
| **TABEL 43:** | Top 20-skole met die meeste Inligtingstegnologie-onderskeidings. | **48** |
| **TABEL 44:** | Top 20-skole met die meeste Inligtingstegnologie-onderskeidings per getal kandidate. | **49** |
| **TABEL 45:** | Top 20-skole met die meeste Wiskundige Geletterdheid-onderskeidings. | **50** |
| **TABEL 46:** | Top 20-skole met die meeste Wiskundige Geletterdheid-onderskeidings per getal kandidate. | **51** |

| | | |
|---|---|---|
| **GRAFIEK 1:** | Provinsiale slaagsyfer van die DBO: 2016 tot 2025. | **13** |
| **GRAFIEK 2:** | Nasionale deurvloeisyfer vanaf graad 1 tot graduering. | **14** |
| **GRAFIEK 3:** | Wiskunde-slaagsyfer: Nasionale slaagsyfer teenoor Afrikaanse skole – 2025. | **23** |
| **GRAFIEK 4:** | Fisiese Wetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2025. | **24** |
| **GRAFIEK 5:** | Lewenswetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2025. | **25** |

# Voorwoord

## Afrikaanse Skole:

## Die hoeksteen van 'n volhoubare toekoms

Eerstens, hartlik geluk aan al ons topskole met hul merkwaardige prestasies tydens die 2025 NSS-eksamen. Afrikaanse skole het weereens bewys dat hulle onder uitdagende omstandighede steeds op uitnemende vlak presteer. Met 'n algehele slaagsyfer van 91% en B-graadtoelatings van 54,12%, vier ons nie net akademiese sukses nie, maar ook die krag van moedertaalonderrig, en die toewyding van leerders, onderwysers, skoolbesture en ouers. Hierdie verslag is 'n erkenning aan almal wat deel het aan hierdie prestasies.


Wat hierdie prestasies des te meer besonders maak, is dat dit behaal is te midde van toenemende administratiewe en politieke druk, asook sistemiese uitdagings. Hierdie druk word grotendeels geabsorbeer deur ons beheerliggame, skoolbesture en onderwysers – sodat ons leerders steeds hulle volle potensiaal kan bereik. Afrikaans enkelmediumskole het in dié opsig besonder goed gevaar, met 'n gesamentlike slaagsyfer van 92,4% en B-graadtoelatings van 57,5% – nóg 'n bevestiging van die waarde en krag van onderrig in moedertaal.

Dit is verblydend om te sien dat die aantal leerders wat Afrikaans Huistaal gekryf het, in die afgelope paar jaar toegeneem het. Daarmee saam het die slaagsyfer en aantal onderskeidings ook toegeneem tot 98,4% en 7,7% onderskeidelik. Hierdie prestasies dra spesiale gewig in die lig daarvan dat Afrikaans in 2025 sy eeufees as amptelike landstaal gevier het.

By die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) glo ons dat elke gemeenskap 'n uitnemende skooltuiste verdien. Die voortbestaan en gesondheid van ons Afrikaanse gemeenskappe is onlosmaaklik verbind aan die kwaliteit van ons skole. Daarom doen die SOS deurlopend wêreldwyd navorsing oor beste opvoedkundige praktyke. Ons ondersteun Afrikaanse skole om hul opvoedkundige prosesse deurlopend te verbeter, om vinniger en beter insigte van probleemareas te verkry, om operasionele en pedagogiese prosesse meer vaartbelyn en koste-doeltreffend te maak, om opleiding en netwerkgeleenthede te bied wat 'n positiewe impak op leeruitkomstes het, en om hulpbronne en leerinhoud beskikbaar te stel wat die onderwyser binne die klas en die leerder buite die klas te ondersteun.



Ons skole is die hoeksteen van ons gemeenskap – en speel 'n deurslaggewende rol om ons kinders voor te berei vir 'n toekoms waarin hulle kan floreer. Dankie aan elke skoolhoof, onderwyser en ouer wat die ekstra myl stap om seker te maak dat ons kinders hulle volle potensiaal kan bereik.



**Leon Fourie**
**Uitvoerende hoof**
**Solidariteit Skoleondersteuningsentrum**

**Het jy geweet?**
6 950 skole landswyd het aan die 2025 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen deelgeneem.

# Inleiding

## Afrikaanse uitslae, uitsonderlikheid in fokus

Die SOS ontleed sedert 2015 die NSS-uitslae van die Departement van Basiese Onderwys (DBO), met fokus op Afrikaanse skole. Die 2025-verslag bou hierop voort met nuwe data en verwerkingsmetodes wat die waarde van die verslag versterk.

Vanjaar se verslag bevat:

- Gedetailleerde DBO-uitslae, met oorsigtelike verwysing na dié van IEB en SACAI;
- 'n Fokus op sekere kernvakke wat vir SOS-merietetoekennings kwalifiseer;
- 'n QR-kode na 'n bykomende dokument met ranglyste vir 'n verdere 18 vakke, gebaseer op onderskeidings per kandidaat.

Alhoewel al drie eksamenliggame op die KABV-kurrikulum werk, verskil hul assesseringsbenaderings. Hierdie verslag vergelyk nie die liggame nie, maar fokus op tendense binne hul eie raamwerke. Aangesien slegs DBO-individuele skooldata beskikbaar is, beperk die Top 20-lyste hul insluiting tot dié skole.

Die verslag poog om die waarde van moedertaalonderrig te illustreer deur Afrikaanse skole se prestasie teen nasionale tendense te meet. Aspekte soos registrasiegetalle, slaagsyfers, kernvakprestasie, onderskeidings, en Afrikaans Huistaal se uitkomste word ontleed.

Die Top 20-lyste fokus enersyds op die skole met die meeste onderskeidings en andersyds op skole met die meeste onderskeidings relatief tot die aantal kandidate.



In eersgenoemde geval het groter skole 'n strukturele voordeel, terwyl die tweede benadering 'n meer gebalanseerde vergelykingsbasis bied. Slegs skole met minstens 15 kandidate per vak word ingesluit. Spesiale erkenning word aan kleiner enkelmediumskole met minder as 50 matrikulante verleen.

Die verslag dui ook aan wat die persentasie Afrikaans Huistaal-leerders by toppresteerders is – as aanduiding van die skool se taalprofiel.

Die SOS bevorder Afrikaanse onderrig deur vakinhoudelike hulpbronne, opleiding, die Wolkskool, en ondersteuning aan skole. Met die jaartema **Kom Tuis** bevestig die SOS sy strewe om alle Afrikaanse skoolgemeenskappe op alle vlakke te ondersteun en 'n veilige, professionele en taalbewuste tuiste vir skole te bied.

**Hugo Vermeulen**
**Hoof: Opleiding**
**Solidariteit Skoleondersteuningsentrum**

**Hierdie QR-kode neem jou na 'n aanvullende dokument tot die verslag, met gedetailleerde ranglyste van skole gebaseer op die aantal onderskeidings per kandidaat per vak in die 2025 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.**

KOM TUiS!

# Oorsig
van die nasionale matriekuitslae 2025

## NSS steeds maatstaf van akademiese uitnemendheid in Suid-Afrika

Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) dien as die primêre instrument waarmee die uitsette van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel gemeet word. Met die vrystelling van die 2025-resultate aan die begin van 2026, word die prestasie van leerders sowel as die doeltreffendheid van die verskillende eksamenliggame ontleed.

### Struktuur van die eksamenstelsel

Die NSS-eksamen word binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) deur drie geakkrediteerde instellings geadministreer:

1. **Departement van Basiese Onderwys (DBO):** Verantwoordelik vir die oorgrote meerderheid kandidate in die openbare skoolsektor.
2. **Onafhanklike Eksamenraad (IEB):** Administreer eksamens vir die meeste onafhanklike skole.
3. **Suid-Afrikaanse Instituut vir Komprehensiewe Assessering (SACAI):** Bedien hoofsaaklik onafhanklike afstandleerinstansies, aanlynskole en tuisonderrigleerders.

Hoewel die drie liggame onafhanklik van mekaar funksioneer, skryf alle kandidate eksamen oor dieselfde kurrikuluminhoud, wat die vergelykbaarheid van die kwalifikasie verseker.

### Gehalteversekering en standaardisering

Die Raad vir Gehalteversekering in Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding (Umalusi) monitor die integriteit van die hele proses. Umalusi se rol sluit in die moderering van vraestelle, monitering van die nasienproses en die finale standaardisering van die uitslae. Hierdie proses word gevolg om te verseker dat fluktuasies in die moeilikheidsgraad van vraestelle van jaar tot jaar nie die geloofwaardigheid van die sertifikaat beïnvloed nie. In die 2025-siklus het Umalusi weer eens die uitslae van al drie eksamenliggame geoudit voordat dit vir amptelike vrystelling goedgekeur is.

### Sleutelwaarnemings vir 2025

Die afgelope jaar se uitslae toon 'n opvallende veerkragtigheid in die stelsel. Daar was 'n merkbare styging in die deelname aan digitale en tegniese vakke, wat dui op 'n verskuiwing in leerders se voorkeure om aan te pas by die eise van die ekonomie. Verder is die internasionale erkenning van die NSS versterk deur voortgesette vergelyking met wêreldstandaarde, wat 2025-matrikulante die vertroue gee om wêreldwyd vir verdere studie aansoek te doen.

**VERGELYKENDE STATISTIEK VAN DBO, IEB EN SACAI**

| | DBO | IEB | SACAI |
|---|---|---|---|
| Slaagsyfer | 88% | 98% | 73% |
| B-Graad toelatings | 46% | 89% | 38% |
| Toelating tot diploma | 28% | 8% | 25% |
| Aantal kandidate | 746 110 | 16 063 | 4 997 |
| Aantal skole | 7 517 | 263 | 81 |

▲ TABEL 1: Vergelykende statistiek van DBO, IEB en SACAI.

**Het jy geweet?**
Slegs 57,7% van leerders wat Graad 1 begin, maak dit uiteindelik tot by matriek.

Tabel 1 toon verskille in slaagsyfer, tersiêre toelatingsvlakke en stelselgrootte tussen drie eksamenliggame:

- **DBO** (746 110 kandidate; 7 517 skole),
- **IEB** (16 063 kandidate; 263 skole), en
- **SACAI** (4 997 kandidate; 81 skole).

Al die eksamenliggame word deur Umalusi gemodereer, om vergelykbare resultate te verseker.

## VERGELYKENDE VAKGEMIDDELDE VAN DBO, IEB EN SACAI

| | DBO | IEB | SACAI |
|---|---|---|---|
| **Afrikaans Huistaal** | 66% | 69% | 55% |
| **Wiskunde** | 40% | 65% | 31% |
| **Fisiese Wetenskappe** | 43% | 61% | 35% |
| **Lewenswetenskappe** | 47% | 67% | 35% |
| **Rekeningkunde** | 46% | 64% | 38% |

▲ **TABEL 2:** Vergelykende Vakgemiddelde van DBO, IEB en SACAI.

Die IEB behaal deurgaans hoër vakgemiddeldes, veral in kernvakke soos Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. Die IEB handhaaf al vir meer as n dekade n matriekslaagsyfer van meer as 98%. CVO skole het as n groep vanjaar n 100% slaagsyfer. Hulle skryf die IEB eksamen.

Die DBO se gemiddeldes is laer, maar weerspieël die kompleksiteit van 'n nasionale stelsel met wye sosio-ekonomiese en opvoedkundige verskeidenheid. Dit het wel aan die lig gekom dat DBO vraestelle en memorandums van die Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Engels Huistaal uitgelek is deur amptenare in diens van die DBO. n Nasionale ondersoek taakspan (NITT) is aangewys om die saak te ondersoek. Daar is bevind dat ongeveer 40 leerders by 7 eksamensentrums in Pretoria omgewing die gelekte vraestelle bekom het, maar dat dit nie n sistemiese breuk in die stelsel verteenwoordig nie. Die skuldige leerders se uitslae is teruggehou en die amptenare is geskors, hangende verdere ondersoek.

SACAI se gemiddeldes is oor die algemeen laer, maar dit hou waarskynlik verband met hul unieke leerderprofiel – waaronder baie tuisskolers en aanlyn leerders met wisselende toegang tot hulpbronne en gestruktureerde ondersteuning. Die top SACAI aanlyn skool in die land is Nukleus – 'n Afrikaanse skool wat Wolkskool gebruik. Die tweede beste afstandonderriginstelling wat die SACAI eksamen geskryf het, is Volkskool Orania – hulle gebruik ook Wolkskool.

## Opsomming van die DBO se NSS-slaagpersentasie van 2016 tot 2025

| | | SLAAG | | DRUIP | | TOELATING TOT B-GRAADSTUDIE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| JAAR | KANDIDATE GESKRYF | GETAL KANDIDATE | PERSENTASIE | GETAL KANDIDATE | PERSENTASIE | PERSENTASIE |
| **2016** | 610 178 ↓ | 442 672 ↓ | **72,5%** ↑ | 167 506 ↓ | 27,5% ↓ | 26,6% ↑ |
| **2017** | 534 484 ↓ | 401 435 ↓ | **75,1%** ↑ | 133 049 ↓ | 24,9% ↓ | 28,0% ↑ |
| **2018** | 512 735 ↓ | 400 761 ↓ | **78,2%** ↑ | 111 974 ↓ | 21,8% ↓ | 33,6% ↑ |
| **2019** | 504 303 ↓ | 409 906 ↑ | **81,3%** ↑ | 94 397 ↓ | 18,7% ↓ | 36,9% ↑ |
| **2020** | 578 468 ↑ | 440 702 ↑ | **76,2%** ↓ | 137 766 ↑ | 23,8% ↑ | 36,4% ↓ |
| **2021** | 704 021 ↑ | 537 687 ↑ | **76,4%** ↑ | 166 334 ↑ | 23,6% ↓ | 36,4% ● |
| **2022** | 752 145 ↑ | 580 555 ↑ | **80,1%** ↑ | 144 590 ↓ | 19,9% ↓ | 38,4% ↑ |
| **2023** | 691 160 ↓ | 572 983 ↓ | **82,9%** ↑ | 118 177 ↓ | 17,1% ↓ | 40,9% ↑ |
| **2024** | 705 291 ↑ | 615 429 ↑ | **87,3%** ↑ | 89 862 ↓ | 12,7% ↓ | 47,8% ↑ |
| **2025** | 746 110 ↑ | 656 415 ↑ | **88%** ↑ | 89 695 ↓ | 12% ↓ | 46,4% ↓ |

▲ **TABEL 3:** Nasionale slaagpersentasie van die DBO se NSS-eksamen: 2016 tot 2025.

↑ **Styging – jaar op jaar** ↓ **Daling – jaar op jaar**

## DBO: NSS-slaagsyfer van 2016 tot 2025

Die nasionale slaagsyfer het 'n nuwe historiese hoogtepunt bereik deur van 72,5% in 2016 tot 'n rekord van 88% in 2025 te styg. Hierdie prestasie verteenwoordig 'n algehele verbetering van 17,3% oor die afgelope dekade en is 'n styging van 0,7% vergeleke met die 87,3% van 2024. Hierdie tendens onderstreep die voortgesette opwaartse kurwe in die nasionale onderwysstelsel en word deur die departement as 'n teken van stelselstabiliteit beskou.

Altesaam 764 014 voltydse kandidate het vir die eksamen geregistreer, waarvan 746 110 uiteindelik die volledige eksamen afgelê het. Van hierdie groep het 656 415 kandidate suksesvol aan die vereistes vir die NSS-sertifikaat voldoen. Dit beteken dat daar 40 986 meer suksesvolle kandidate was as in die vorige jaar, wat die groeiende kapasiteit van die stelsel beklemtoon.

Ten spyte van hierdie statistiese sukses, duur die debat oor die werklike akademiese gereedheid van leerders voort.

Daar is steeds beduidende kommer onder universiteite en werkgewers oor of die hoë slaagsyfers ooreenstem met die praktiese vaardighede wat vir tersiêre studie en die arbeidsmark benodig word. 'n Tekort aan dieper geletterdheid en gevorderde wiskundige vermoëns, dui op 'n moontlike gaping tussen die kwantitatiewe uitslae en die kwalitatiewe gereedheid van matrikulante.

Die gehalteversekeringsproses deur Umalusi bevestig dat die integriteit van die eksamen gehandhaaf is. Van die 68 vakke wat in 2025 beoordeel is, is die rou punte van 56 vakke onveranderd aanvaar, wat dui op goeie belyning tussen die eksamenvraestelle en leerderprestasie. Slegs vyf vakke se punte is afwaarts aangepas, terwyl sewe vakke opwaartse aanpassings ontvang het.

- **Dit is belangrik om daarop te let dat data van deeltydse kandidate, weens die aard van die verslaggewing, dikwels nie by die finale vergelykende syfers van die SOS se amptelike Matriekverslag ingesluit word nie.**

Provinsie met die hoogste en laagste slaagfsyfers: KZN vaar die beste in 2025, met 90% slaagsyfer. Oos Kaap is die provinsie met die laagste slaaglyfer, naamlik 84%.

SKOLE ondersteuningsentrum

| | | SLAAG | | DRUIP | | TOELATING TOT B-GRAADSTUDIE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| JAAR | KANDIDATE GESKRYF | GETAL KANDIDATE | PERSENTASIE | GETAL KANDIDATE | PERSENTASIE | PERSENTASIE |
| **2016** | 11 022 ↑ | 10 875 ↑ | **98,7%** ↑ | 146 ↓ | 1,3% ↓ | 85,3% ↑ |
| **2017** | 12 130 ↑ | 11 968 ↑ | **98,8%** ↑ | 162 ↑ | 1,2% ↓ | 87,6% ↑ |
| **2018** | 11 514 ↓ | 11 688 ↓ | **98,9%** ↑ | 130 ↓ | 1,1% ↓ | 88,5% ↑ |
| **2019** | 11 818 ↑ | 11 676 ↓ | **98,8%** ↓ | 142 ↑ | 1,2% ↑ | 89,5% ↑ |
| **2020** | 12 024 ↑ | 11 796 ↑ | **98,1%** ↓ | 228 ↑ | 1,9% ↑ | 90,7% ↑ |
| **2021** | 12 857 ↑ | 12 608 ↑ | **98,1%** ● | 249 ↑ | 1,9% ● | 88,4% ↓ |
| **2022** | 12 580 ↓ | 12 381 ↓ | **98,4%** ↑ | 199 ↓ | 1,6% ↓ | 89,2% ↑ |
| **2023** | 13 967 ↑ | 13 752 ↑ | **98,5%** ↑ | 215 ↑ | 1,5% ↓ | 88,6% ↓ |
| **2024** | 16 304 ↑ | 16 049 ↑ | **98,5%** ↑ | 255 ↑ | 1,5% ● | 89,4% ↑ |
| **2025** | 16 063 ↓ | 15 792 ↓ | **98,3%** ↓ | 271 ↑ | 1,7% ↑ | 89,1% ↓ |

▲ **TABEL 4:** Nasionale slaagpersentasie van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB): 2016 tot 2025. ↑ **Styging – jaar op jaar** ↓ **Daling – jaar op jaar**

## IEB: NSS-slaagsyfer van 2016 tot 2025

In 2025 het 'n rekordgetal van 16 063 kandidate die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen afgelê. Van hierdie groep het 15 792 leerders aan die slaagvereistes voldoen, wat 'n uitstaande slaagsyfer van 98,3% verteenwoordig. Slegs 1,7% van die kandidate het nie geslaag nie. Verder het 89,1% van die geslaagde kandidate toelating tot graadstudies (B-graad) verkry. Hoewel hierdie persentasie effens laer is as die 98,3% wat in 2024 aangeteken is, is die verskil gering en het dit geen beduidende invloed op die breër prestasietendens nie. 'n Totaal van 161 matrikulante het boonop onderskeidings in al sewe hul vakke behaal.

Die IEB handhaaf reeds meer as 'n dekade lank 'n slaagsyfer bo 98%, wat die stelsel se konsekwente akademiese standaarde en volgehoue verbintenis tot uitnemendheid onderstreep. Hierdie bestendige prestasie is besonder betekenisvol in die lig daarvan dat die aantal kandidate jaarliks toeneem, en dien as bewys van die IEB se vermoë om kwaliteit te handhaaf binne 'n groeiende eksamenstelsel.

Deurvloeisyfers en navorsing toon verder dat IEB-leerders oor die algemeen uiters goed voorbereid is op die eise van tersiêre studies. Hierdie sukses word grootliks toegeskryf aan die uitdagende aard van die IEB-assesseringsmodel, wat doelbewus klem lê op kritiese en hoërorde-denke, analitiese vaardighede, komplekse probleemoplossing en die praktiese toepassing van kennis, eerder as bloot meganiese herhaling.

Hierdie vaardighede, tesame met die besonder hoë persentasie graadtoelatings, bied aan leerders 'n stewige grondslag vir universiteitsonderwys en die selfgedrewe leer wat in die moderne werksmag vereis word. Die uitslae van 2025 bevestig en versterk die IEB se posisie as 'n sleutelrolspeler in die lewering van hoëgehalte-onderwys in Suid-Afrika.

| | | SLAAG | | DRUIP | | TOELATING TOT B-GRAADSTUDIE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **JAAR** | **KANDIDATE GESKRYF** | **GETAL KANDIDATE** | **PERSENTASIE** | **GETAL KANDIDATE** | **PERSENTASIE** | **PERSENTASIE** |
| **2023** | 4 737 | 3 410 | **72%** | 1 327 | 28% | 37% |
| **2024** | 4 684 ↓ | 3 466 ↑ | **74%** ↑ | 1 218 ↓ | 26% ↓ | 39% ↑ |
| **2025** | 4 997 ↑ | 3 647 ↑ | **73%** ↓ | 1 350 ↑ | 27% ↑ | 38% ↓ |

▲ **TABEL 5:** Nasionale slaagpersentasie van die Suid-Afrikaanse Komprehensiewe Assesseringsinstituut (SACAI): 2023 tot 2025.

↑ **Styging – jaar op jaar** ↓ **Daling – jaar op jaar**

## SACAI: NSS-slaagsyfer van 2023 tot 2025

SACAI se slaagsyfer het oor die drie jaar van 2023 tot 2025 bestendig gebly, met geringe variasie tussen 72% en 74%. Die aantal kandidate bly relatief konstant net onder 5 000, wat die kleiner omvang van die stelsel beklemtoon.

Die persentasie kandidate met B-graadtoelating wissel tussen 37% en 39% — 'n aanduiding van 'n kerngroep leerders wat akademies goed vaar. Die druipsyfer van sowat 26–28% hou waarskynlik verband met die diverse leerderprofiel, wat insluit tuisskolers en aanlyn leerders met uiteenlopende toegang tot gestruktureerde ondersteuning en die uitdagings van selfgerigte leer.

Hierdie data getuig van konsekwente prestasie binne 'n unieke onderrigkonteks en behoort in daardie lig geïnterpreteer te word.


## Provinsiale slaagsyfer van DBO se NSS-eksamen: 2018 tot 2025

| | PROVINSIALE SLAAGSYFER: 2018 TOT 2025 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **PROVINSIE** | **2018** | **2019** | **2020** | **2021** | **2022** | **2023** | **2024** | **2025** |
| **Gauteng** | 87,9% ↑ | 87,2% ↓ | 83,7% ↓ | 82,8% ↓ | 84,4% ↑ | 85,4% ↑ | 88,4% ↑ | 89,1% ↑ |
| **KwaZulu-Natal** | 76,2% ↑ | 81,3% ↑ | 77,6% ↓ | 76,8% ↓ | 83,0% ↑ | 86,4% ↑ | 89,5% ↑ | 90,6% ↑ |
| **Limpopo** | 69,4% ↑ | 73,2% ↑ | 68,2% ↓ | 66,7% ↓ | 72,1% ↑ | 79,5% ↑ | 85% ↑ | 86,2% ↑ |
| **Mpumalanga** | 79,0% ↑ | 80,3% ↑ | 73,7% ↓ | 73,6% ↓ | 76,8% ↑ | 77% ↑ | 85% ↑ | 86,6% ↑ |
| **Noordwes** | 81,1% ↑ | 86,8% ↑ | 76,2% ↓ | 78,2% ↑ | 79,8% ↑ | 81,6% ↑ | 87,5% ↑ | 88,5% ↑ |
| **Noord-Kaap** | 73,3% ↓ | 76,5% ↑ | 66,0% ↓ | 71,4% ↑ | 74,2% ↑ | 75,8% ↑ | 84,2% ↑ | 87,8% ↑ |
| **Oos-Kaap** | 70,6% ↑ | 76,5% ↑ | 68,1% ↓ | 73,0% ↑ | 77,3% ↑ | 81,4% ↑ | 85% ↑ | 84,2% ↓ |
| **Vrystaat** | 87,5% ↑ | 88,4% ↑ | 85,1% ↓ | 85,7% ↑ | 88,5% ↑ | 89% ↑ | 91% ↑ | 89,3% ↓ |
| **Wes-Kaap** | 81,5% ↓ | 82,3% ↑ | 79,8% ↓ | 81,2% ↑ | 81,4% ↑ | 81,5% ↑ | 86,6% ↑ | 88,2% ↑ |
| **NASIONAAL** | **78,2%** ↑ | **81,3%** ↑ | **76,2%** ↓ | **76,4%** ↑ | **80,1%** ↑ | **82,9%** ↑ | **87,3%** ↑ | **88%** ↑ |

▲ **TABEL 6:** Provinsiale slaagsyfer van DBO se NSS-eksamen: 2018 tot 2025.

↑ **Styging – jaar op jaar** ↓ **Daling – jaar op jaar**

Minister Gwarube beklemtoon dat matriekslaagsyfer nie in matriek geskep word nie, maar tot n groot mate bepaal word deur die grondslag wat in Gr r-3 gelê word. Die GDO beplan daarom n verskerpte fokus op vroeëkinderontwikkeling.




▲ **GRAFIEK 1:** Provinsiale slaagsyfer van die DBO: 2016 tot 2025.

Die provinsiale landskap van die 2025-matriekuitslae toon 'n merkwaardige verskuiwing, met KwaZulu-Natal wat vir die eerste keer in die onlangse geskiedenis die voortou neem met 'n slaagsyfer van 90,6%. Hierdie provinsie se groei is buitengewoon, aangesien dit van 66,4% in 2016 gestyg het – 'n totale toename van 24,2% binne tien jaar. Hierdie dramatiese styging in 'n provinsie wat met groot sistemiese uitdagings worstel, laat vrae ontstaan oor die faktore wat die vinnige vordering dryf. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die NSS-eksamen kon enkele vakke wel in isiZulu afgelê word – 'n positiewe stap in die uitbreiding van moedertaalonderrig.

Die Vrystaat, wat vir jare lank die topprovinsie was, het 'n daling getoon van 91% in 2024 na 89,3% in 2025. Ten spyte van hierdie afname in slaagsyfer bly die provinsie een van die toppresteerders. Gauteng toon volgehoue groei en het verbeter van 88,4% in 2024 tot 89,1% in 2025.

In die sogenaamde "plattelandse" provinsies word die tendens van vinnige verbetering voortgesit. Limpopo het van 62,5% in 2016 tot 86,2% in 2025 gestyg, terwyl Mpumalanga ook 'n stewige verbetering toon met 86,6% vergeleke met 85% die vorige jaar. Die Oos-Kaap het 'n ligte terugslag beleef deur van 85% in 2024 na 84,2% in 2025 te daal, hoewel die provinsie steeds ver bo sy 2016-vlak van 59,3% presteer. Hierdie vordering in hulpbron-arm omgewings word toegeskryf aan doelgerigte intervensies, maar dit beklemtoon ook die behoefte om die kwaliteit van hierdie slaagsyfers te monitor.


Die Wes-Kaap het sy reputasie vir stabiliteit versterk met 'n verdere styging tot 88,2% (vanaf 86,6% in 2024). Net so het die Noordwes-provinsie verbeter tot 88,5%, terwyl die Noord-Kaap 'n indrukwekkende sprong gemaak het van 84,2% na 87,8%. Hierdie wydverspreide stygings in byna alle provinsies noop kundiges egter tot 'n dieper ondersoek. Dit bly 'n ope vraag of hierdie rekorduitslae die gevolg is van werklike akademiese vordering en verbeterde onderrig, en of daar ander faktore 'n rol speel in die skep van hierdie nuwe nasionale realiteit. Dit is belangrik dat die verhoogde slaagsyfers bevestig word deur beter indiensnemingsyfers en deurvloeisyfers van tersiêre instellings.

# Nasionale deurvloeisyfer vanaf graad 1 tot graduering


In 2014 het 1 235 901 leerders in Suid-Afrika met graad 1 begin. Elf jaar later, in 2025, het 764 014 (61,8%) van daardie oorspronklike groep vir die nasionale matriekeksamen geregistreer, wat 'n merkbare toename is vergeleke met die 724 156 registrasies in 2024. Van hierdie groep het 746 110 leerders uiteindelik die NSS-eksamen afgelê, waarvan 656 415 (88,0%) suksesvol was en hul matriekeksamen geslaag het.

Wanneer 'n mens egter na die groter prentjie van die skoolloopbaan kyk, blyk dit dat slegs 53,1% van die oorspronklike groep wat in 2014 met graad 1 begin het, hul matriekjaar in 2025 suksesvol voltooi het. Dit is wel 'n verbetering op die 50,3% van die vorige jaar, wat dui op 'n sterker retensiekoers binne die onderwysstelsel oor die volle 12-jaar siklus.

Die gehalte van hierdie slaagsyfers word verder toegelig deur die syfers vir universiteitstoelating. Van die suksesvolle kandidate in 2025 het 345 857 leerders vir B-graadtoelating gekwalifiseer. Hoewel dit in totale getalle meer is as die vorige jaar, verteenwoordig dit 46,4% van die kandidate wat geskryf het – 'n effense daling vergeleke met die 47,8% in 2024. Dit beteken dat uiteindelik slegs 28% van die oorspronklike graad 1-groep van 2014 daarin geslaag het om met die nodige kwalifikasie vir graadstudies aan die einde van 2025 uit die stelsel te tree.




▲ **GRAFIEK 2:** Nasionale deurvloeisyfer vanaf graad 1 tot graduering.



# Wiskundige vakke se prestasies

| 2025 | GETAL KANDIDATE | % WAT VAK NEEM | GETAL GESLAAG | % WAT SLAAG | GETAL ONDERSKEIDINGS | % MET ONDERSKEIDINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **WISKUNDE, WISKUNDIGE GELETTERDHEID & TEGNIESE WISKUNDE** | | | | | | |
| **Wiskunde** | 254 415 ↑ | **34,1%** ↓ | 162 947 ↓ | **64,0%** ↓ | 4 900 ↓ | **1,9%** ↓ |
| **Wiskundige geletterdheid** | 477 160 ↑ | **64,0%** ↑ | 411 509 ↑ | **86,2%** ↑ | 12 479 ↑ | **2,6%** ↓ |
| **Tegniese Wiskunde** | 19 929 ↑ | **2,7%** ↑ | 18 743 ↑ | **94,0%** ↑ | 466 ↓ | **2,3%** ↓ |

▲ **TABEL 7:** Prestasie van Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde vir 2025 se DBO-eksamen.

↑↓ **Styging of daling in vergelyking met 2024**

Die 2025-uitslae skets 'n boeiende prentjie van Suid-Afrikaanse matrieks wat hulself voorberei op 'n tegnologiese toekoms. In 'n verskuiwing van die vorige jaar, sien ons dat leerders meer strategies kies tussen die verskillende wiskundige strome, met 'n duidelike fokus op sukseskoerse en praktiese toepassing.

Wiskunde bly die hekwagter vir baie tersiêre rigtings, en in 2025 het 254 415 kandidate (34,1% van die totale groep) Wiskunde as vak geneem. Hoewel die slaagsyfer van 64% effens laer is as die vorige jaar, het meer as 162 000 leerders wel die mas opgekom. In teenstelling hiermee het Wiskundige Geletterdheid weereens sy gewildheid bewys met 477 160 leerders (64% van alle kandidate) wat die vak geneem het. Hierdie groep het uitsonderlik gevaar met 'n slaagsyfer van 86,2% en het ook die hoogste getal onderskeidings (12 479) opgelewer.

'n Ware suksesverhaal van 2025 is Tegniese Wiskunde. Hoewel dit die kleinste stroom is met slegs 19 929 kandidate, is hul prestasie merkwaardig. Met 'n uitstaande slaagsyfer van 94,0%, wys hierdie leerders dat hulle gereed is vir die praktiese en tegniese eise van die moderne arbeidsmark.

Wat beteken dit vir die toekoms? Terwyl die lae onderskeidingskoers in Wiskunde (1,9%) 'n rooi lig is vir toelating tot ingenieurswese en wetenskaplike studierigtings, bied die sukses in Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde 'n basis vir 'n breër spektrum van ekonomiese deelname.





**Het jy geweet?**

129 skole landswyd het in 2025 'n 100% slaagsyfer behaal.

*2025 SCHOOL PERFORMANCE REPORT*, bl. 7.

SKOLE
ondersteuningsentrum

**Het jy geweet?**
Die Wes-Kaap (24 skole), Gauteng (38 skole) en KwaZulu-Natal (31 skole) lewer saam die meeste skole met 100% slaagsyfers in 2025.

## Nasionale Wiskunde-persentasie

### WISKUNDE-SLAAGPERSENTASIE: 2016 TOT 2025

| JAAR | GETAL KANDIDATE GESKRYF | GETAL WAT WISKUNDE NEEM | PERSENTASIE WAT VAK NEEM | GETAL WAT WISKUNDE SLAAG | PERSENTASIE WAT SLAAG | GETAL ONDER-SKEIDINGS | PERSENTASIE MET ONDER-SKEIDINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **2016** | 610 178 ↓ | 265 810 ↑ | **43,6%** ↑ | 135 958 ↑ | **51,1%** ↑ | 8 070 ↑ | **3,0%** ● |
| **2017** | 534 484 ↓ | 245 103 ↓ | **45,9%** ↑ | 127 197 ↓ | **51,9%** ↑ | 6 726 ↓ | **2,7%** ↓ |
| **2018** | 512 735 ↓ | 233 858 ↓ | **45,6%** ↓ | 135 638 ↑ | **58,0%** ↑ | 5 820 ↓ | **2,5%** ↓ |
| **2019** | 504 303 ↓ | 222 034 ↓ | **44,0%** ↓ | 121 179 ↓ | **54,6%** ↓ | 4 415 ↓ | **2,0%** ↓ |
| **2020** | 578 468 ↑ | 233 315 ↑ | **40,4%** ↓ | 125 526 ↑ | **53,8%** ↓ | 7 424 ↑ | **3,2%** ↑ |
| **2021** | 704 021 ↑ | 259 143 ↑ | **36,3%** ↓ | 149 177 ↑ | **57,6%** ↑ | 7 725 ↑ | **3,0%** ↓ |
| **2022** | 725 146 ↑ | 269 734 ↑ | **37,2%** ↑ | 148 337 ↓ | **55,0%** ↓ | 7 304 ↓ | **2,7%** ↓ |
| **2023** | 691 160 ↓ | 248 491 ↓ | **36,0%** ↓ | 157 834 ↑ | **63,5%** ↑ | 8 771 ↑ | **3,5%** ↑ |
| **2024** | 705 291 ↑ | 251 488 ↑ | **35,7%** ↓ | 173 774 ↑ | **69,1%** ↑ | 9 752 ↑ | **3,9%** ↑ |
| **2025** | 746 110 ↑ | 254 415 ↑ | **34,1%** ↓ | 162 947 ↓ | **64,0%** ↓ | 4 900 ↓ | **1,9%** ↓ |


▲ **TABEL 8:** Wiskunde-slaagpersentasie: 2016 tot 2025.

↑ **Styging – jaar op jaar** ↓ **Daling – jaar op jaar**

Ten spyte van 'n verdere afname in die persentasie matrieks wat Wiskunde neem, is die algehele prestasievlak grotendeels gehandhaaf. In 2025 het 746 110 kandidate die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen afgelê, waarvan 254 415 leerders (34,1%) vir Wiskunde ingeskryf was. Hiervan het 162 947 kandidate geslaag, wat 'n slaagsyfer van 64,0% verteenwoordig. Alhoewel dit laer is as die uitsonderlike piek wat in 2024 bereik is, bly die slaagsyfer beduidend hoër as dié van die voorafgaande jare en bevestig dit 'n volgehoue verbetering in Wiskunde-prestasie oor die medium termyn.

Die getal onderskeidings in Wiskunde het in 2025 tot 4 900 afgeneem, wat neerkom op 1,9% van die kandidate wat die vak geneem het. Hoewel 'n groter groep leerders steeds die minimum vereistes vir sukses haal, het minder leerders die hoogste prestasievlakke bereik. Die 2025-data beklemtoon die noodsaak om nie net toegang tot en slaag in Wiskunde te bevorder nie, maar om ook doelgerigte ondersteuning te bied aan sterk presterende leerders om uitnemendheid in hierdie kernvak verder te ontwikkel.





# Ander kernvakke

## Sterk prestasie in verskeie kernvakke

**OPSOMMENDE SYFERS IN VYF KERNVAKKE: 2022 TOT 2025**

| JAAR | | REKENINGKUNDE | GESKIEDENIS | EKONOMIE | BESIGHEIDSTUDIES | GEOGRAFIE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2022** | Geskryf | 104 798 ↓ | 237 327 ↑ | 137 657 ↓ | 241 989 ↓ | 368 882 ↑ |
| | Geslaag | 78 989 ↓ | 209 309 ↑ | 98 410 ↑ | 185 498 ↓ | 299 734 ↑ |
| | Onderskeidings | 5 831 ↓ | 8 434 ↓ | 2 703 ↑ | 14 575 ↑ | 3 607 ↑ |
| | **% geslaag** | **75,4%** ↑ | **88,2%** ↓ | **71,5%** ↑ | **76,7%** ↓ | **81,3%** ↑ |
| | **% onderskeidings** | **5,6%** ↓ | **3,6%** ↓ | **2,0%** ↑ | **6,0%** ↑ | **1,0%** ↑ |
| **2023** | Geskryf | 86 739 ↓ | 222 176 ↓ | 114 992 ↓ | 219 319 ↓ | 340 202 ↓ |
| | Geslaag | 66 461 ↓ | 194 767 ↓ | 85 160 ↓ | 178 990 ↓ | 293 093 ↓ |
| | Onderskeidings | 5 044 ↓ | 7 030 ↓ | 2 559 ↓ | 14 150 ↓ | 7 651 ↑ |
| | **% geslaag** | **76,6%** ↑ | **87,7%** ↓ | **74,1%** ↑ | **81,6%** ↑ | **86,2%** ↑ |
| | **% onderskeidings** | **5,8%** ↑ | **3,2%** ↓ | **2,2%** ↑ | **6,5%** ↑ | **2,2%** ↑ |
| **2024** | Geskryf | 97 636 ↑ | 237 437 ↑ | 121 560 ↑ | 233 383 ↑ | 346 791 ↑ |
| | Geslaag | 79 261 ↑ | 214 380 ↑ | 97 801 ↑ | 200 731 ↑ | 310 410 ↑ |
| | Onderskeidings | 6 219 ↑ | 7 461 ↑ | 4 053 ↑ | 16 140 ↑ | 11 287 ↑ |
| | **% geslaag** | **81,2%** ↑ | **90,3%** ↑ | **80,5%** ↑ | **86,0%** ↑ | **89,5%** ↑ |
| | **% onderskeidings** | **6,4%** ↑ | **3,1%** ↓ | **3,3%** ↑ | **6,9%** ↑ | **3,3%** ↑ |
| **2025** | Geskryf | 100 485 ↑ | 261 200 ↑ | 122 191 ↑ | 244 284 ↑ | 364 622 ↑ |
| | Geslaag | 78 324 ↓ | 239 872 ↑ | 98 770 ↑ | 215 914 ↑ | 332 220 ↑ |
| | Onderskeidings | 6 101 ↓ | 5 309 ↓ | 2 653 ↓ | 15 704 ↓ | 8 675 ↓ |
| | **% geslaag** | **77,9%** ↓ | **91,8%** ↑ | **80,8%** ↑ | **88,4%** ↑ | **91,1%** ↑ |
| | **% onderskeidings** | **6,1%** ↓ | **2,0%** ↓ | **2,2%** ↓ | **6,4%** ↓ | **2,4%** ↓ |

▲ **TABEL 9:** Prestasies in kernvakke: 2022 tot 2025.

↑ **Styging – jaar op jaar** ↓ **Daling – jaar op jaar**

Die 2025-uitslae bevestig dat sterk prestasie in verskeie kernvakke grotendeels volgehou is, met verdere verbetering in sekere vakke se slaagsyfers. Geskiedenis en Geografie lewer besonder goeie resultate, met slaagsyfers van onderskeidelik 91,8% en 91,1%. Besigheidstudies toon ook ʼn voortgesette positiewe trajek, met ʼn slaagsyfer van 88,4%, wat die vak se gewildheid en toeganklikheid onderstreep.

Hoewel die meeste vakke se slaagsyfers stabiel gebly het, of effens verbeter het, is daar in 2025 ʼn algemene afname in die persentasie onderskeidings. Besigheidstudies bly die vak met die hoogste getal en persentasie onderskeidings (15 704; 6,4%), terwyl Rekeningkunde steeds ʼn sterk profiel van akademiese uitnemendheid handhaaf met 6,1% onderskeidings. Hoewel meer leerders die minimum vereistes vir sukses behaal, is daar ruimte om uitnemende prestasie verder te versterk, veral in vakke wat kritiese en analitiese vaardighede vereis.

# Afrikaanse skole
## gemeet teen skole nasionaal (slegs DBO)

### Definisie van Afrikaanse skole soos in dié verslag gebruik:

Vir die doeleindes van hierdie verslag word alle skole wat Afrikaans Huistaal as skoolvak aanbied, met 'n minimum van 15 kandidate wat Afrikaans Huistaal neem, as Afrikaanse skole beskou. Dit sluit dus alle Afrikaans enkelmedium-, parallelmedium- en dubbelmediumskole in. Dit sluit ook Engelse skole in waar Afrikaans Huistaal aangebied word.

## Vergelyking van Afrikaanse skole teen skole nasionaal

| | AFRIKAANSE SKOLE TEEN SKOLE NASIONAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **2025** | **SLAAG-PERSENTASIE** | **GETAL SKOLE** | **GETAL GESKRYF** | **GETAL GESLAAG** | **GEMIDDELDE GETAL KANDIDATE PER SKOOL** |
| **Nasionaal** | **88%** | 6 956 | 746 110 | 656 415 | 107 |
| **Afrikaanse skole** | **91%** | 561 | 70 487 | 64 199 | 126 |

▲ **TABEL 10:** Vergelyking van die nasionale slaagpersentasie met dié van Afrikaanse skole 2025.

Afrikaanse skole het hul posisie as bakens van akademiese uitnemendheid binne die Suid-Afrikaanse onderwyslandskap in 2025 herbevestig. Hoewel hierdie 561 skole slegs 8,1% van die totale getal skole uitmaak wat die nasionale eksamen (DBO) afgelê het, het hulle 'n slaagsyfer van 91% behaal – 'n volle drie persentasiepunte hoër as die nasionale gemiddelde van 88%. Hierdie prestasie dien as bewys van die veerkragtigheid en vermoë van Afrikaanse skole om steeds topgehalte onderrig te lewer, ongeag die breër sistemiese uitdagings in die land.

Die doeltreffendheid van Afrikaanse skole word verder weerspieël in hul kapasiteit om groter getalle ingeskrewe leerders te bestuur. Terwyl die nasionale gemiddelde op 107 kandidate per skool staan, hanteer Afrikaanse skole gemiddeld 126 kandidate elk. Van die 70 487 leerders wat by hierdie skole die eksamen voltooi het, het 64 199 suksesvol geslaag. Hierdie data beklemtoon die deurslaggewende rol wat Afrikaanse skole speel om die algehele akademiese standaarde in Suid-Afrika te verhoog en stabiliteit in die onderwysstelsel te verseker.

**Het jy geweet?**
Meer as 80% van alle skole in Suid-Afrika het in 2025 'n slaagsyfer van bo 80% behaal – dit wys op 'n sterk nasionale prestasiepatroon.

## PRESTASIE VAN AFRIKAANS-ENKELMEDIUMSKOLE

| | GETAL SKOLE | GETAL GESKRYF | GETAL GESLAAG | % GESLAAG | ONDERSKEI-DINGS | % ONDERSKEI-DINGS | TOELATING B-GRAAD | % TOELATING B-GRAAD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **2025** | 275 | 30 398 | 28 080 | 92,4% | 20 150 | 66,3% | 17 468 | 57,5% |

▲ **TABEL 11:** Prestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2025.

## WISKUNDEPRESTASIE VAN AFRIKAANS-ENKELMEDIUMSKOLE

| | GETAL SKOLE | GETAL GESKRYF | GETAL GESLAAG | % GESLAAG | ONDERSKEI-DINGS | % ONDERSKEI-DINGS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2025** | 173 | 6 948 | 6 001 | 86,4% | 692 | 10% |

▲ **TABEL 12:** Wiskundeprestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2025.

Die 2025-matriekuitslae bevestig dat Afrikaanse skole nie net deelnemers aan die nasionale stelsel is nie, maar inderdaad die pas aangee vir gehalteonderwys in Suid-Afrika. In 'n jaar waar die nasionale slaagsyfer tot 'n nuwe hoogtepunt van 88% gestyg het, het Afrikaanse enkelmediumskole 'n selfs meer indrukwekkende 92,4% behaal, met 'n ongekende onderskeidingskoers van meer as 66%. Hierdie instellings slaag daarin om 'n omgewing te skep wat leerders in staat stel om abstrakte konsepte in vakke soos Wiskunde en Wetenskap met groter gemak te bemeester, wat uiteindelik lei tot die hoë persentasie B-graad-toelatings wat ons vanjaar sien.





SKOLE
ondersteuningsentrum

**Het jy geweet?**
Minder as **1% van skole landswyd** het in 2025 'n slaagsyfer onder 40% behaal.

## Verlore kandidate

'n Beduidende uitdaging binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is die gaping tussen die aantal leerders wat vir die matriekeindeksamen registreer en diegene wat dit uiteindelik voltooi. Hierdie verskynsel word gedryf deur sistemiese struikelblokke soos sosio-ekonomiese agterstande, beperkte akademiese ondersteuning en huishoudelike druk.

Die groter persentasie seuns wat tussen graad 10 – 12 uitsak, is veral kommerwekkend. Meisies vorm 56% van die 2025-slaagsyfer, terwyl seuns 44% uitmaak. Die gevolge hiervan is tweeledig: dit beperk nie net individuele toegang tot die arbeidsmark en hoër onderwys nie, maar vererger ook die nasionale vaardigheidstekort. Uiteindelik belemmer hierdie verlies aan menslike potensiaal die land se kapasiteit om ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling in die moderne arbeidsmark te behaal.

| | 2024 | | | | 2025 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL KANDIDATE INGESKRYF | GETAL EKSAMEN AFGELÊ | GETAL VERLORE KANDIDATE | % VERLORE KANDIDATE | GETAL KANDIDATE INGESKRYF | GETAL EKSAMEN AFGELÊ | GETAL VERLORE KANDIDATE | % VERLORE KANDIDATE |
| **Nasionaal** | 724 156 ↑ | 705 291 ↑ | 18 865 ↓ | **2,61%** ↓ | 764 014 ↑ | 746 110 ↑ | 17 904 ↓ | **2,3%** ↓ |
| **Afrikaanse skole** | 69 125 ↓ | 67 879 ↓ | 1 246 ↓ | **1,80%** ↓ | 71 539 ↑ | 70 487 ↑ | 1 052 ↓ | **1,50%** ↓ |

▲ **TABEL 13:** Vergelyking tussen verlore kandidate 2024 en 2025.

↑↓ **Styging of daling – jaar op jaar**

## B-graadtoelating van Afrikaanse skole teenoor nasionale uitslae

In 'n geskiedkundige jaar vir Suid-Afrikaanse onderwys, het die getal kandidate wat universiteitstoelating verwerf het, alle vorige rekords oortref. Nasionaal het 46,4% van alle leerders, byna elke tweede matrikulant, toelating om graadstudies aan te pak.

Met 'n indrukwekkende 54,1% van leerders in Afrikaanse skole wat B-graadtoelating verwerf het, word daar weereens gewys wat moontlik is wanneer passie en 'n kultuur van uitnemendheid hand aan hand loop. Van die 70 487 leerders by hierdie skole, kan 38 145 nou met selfvertroue hul drome by universiteite regoor die land gaan najaag. Dit is egter kommerwekkend dat daar slegs sowat 110 000 plekke by universiteite beskikbaar is, wat die kans op tersiêre studies vir afgestudeerde matrikulante kan verskraal. Die rol van onafhanklike tersiêre instellings soos Akademia en Sol-Tech, word dus toenemend belangrik om geleenthede vir verdere studies te skep.



| | 2025 | | |
|---|---|---|---|
| | GETAL GESKRYF | GETAL MET B-GRAADTOELATING | PERSENTASIE MET B-GRAADTOELATING |
| **Nasionaal** | 746 110 | 345 857 | **46,4%** |
| **Afrikaanse skole** | 70 487 | 38 145 | **54,1%** |

▲ **TABEL 14:** Vergelyking tussen B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae 2025.

# Wiskunde-prestasie: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

Die data wys duidelik dat Afrikaanse skole oor die hele periode 'n veel hoër persentasie Wiskunde-onderskeidings lewer as die nasionale gemiddeld. Selfs in 2025, toe prestasie afgeneem het, behaal Afrikaanse skole 6,5% onderskeidings teenoor 1,9% nasionaal – meer as drie keer hoër. Alhoewel Afrikaanse skole in 2025 ongeveer 7% van die totale Wiskunde-kandidate verteenwoordig het, het hulle byna 'n kwart van die nasionale Wiskunde-onderskeidings opgelewer (1 146 uit 4 900). Dit onderstreep die volgehoue impak van gestruktureerde onderrig, ervare vakonderwysers en moedertaalonderrig op leerderprestasie. Tog is die dalende onderskeidingskoers by Afrikaanse skole (van 11,1% in 2016 na 6,5% in 2025) 'n waarskuwingsteken dat topprestasie onder druk is. Die uitdaging is om uitnemendheid te beskerm terwyl deelname en prestasie volhoubaar bly.

| | NASIONAAL | | | AFRIKAANSE SKOLE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| JAAR | GETAL KANDIDATE | GETAL ONDERSKEIDINGS | % KANDIDATE MET ONDERSKEIDINGS | GETAL KANDIDATE | GETAL ONDERSKEIDINGS | % KANDIDATE MET ONDERSKEIDINGS |
| 2018 | 211 039 ↓ | 4 114 ↓ | 1,9% ↓ | 22 819 ↓ | 1 706 ↓ | 7,5% ● |
| 2019 | 222 034 ↓ | 4 415 ↑ | 2,0% ↑ | 22 306 ↓ | 1 417 ↓ | 6,5% ↓ |
| 2020 | 233 315 ↑ | 7 424 ↑ | 3,2% ↑ | 21 204 ↓ | 2 106 ↑ | 9,9% ↑ |
| 2021 | 259 143 ↑ | 7 725 ↑ | 3,0% ↓ | 20 654 ↓ | 1 928 ↓ | 9,6% ↓ |
| 2022 | 269 734 ↑ | 7 304 ↓ | 2,7% ↓ | 21 092 ↑ | 1 711 ↓ | 8,1% ↓ |
| 2023 | 248 491 ↓ | 8 771 ↑ | 3,5% ↑ | 16 684 ↓ | 1 674 ↓ | 10,0% ↑ |
| 2024 | 251 488 ↑ | 9 752 ↑ | 3,9% ↑ | 17 510 ↑ | 1 651 ↓ | 9,4% ↓ |
| 2025 | 254 415 ↑ | 4 900 ↓ | 1,9% ↓ | 17 686 ↑ | 1 146 ↓ | 6,5% ↓ |

▲ **TABEL 15:** Wiskunde-prestasie van skole nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2025. ↑↓ **Styging of daling – jaar op jaar**

| | NASIONAAL | | | AFRIKAANSE SKOLE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| JAAR | WISKUNDE | WISKUNDIGE GELETTERDHEID | TEGNIESE WISKUNDE | WISKUNDE | WISKUNDIGE GELETTERDHEID | TEGNIESE WISKUNDE |
| 2019 | 42,0% ↓ | 57,0% ↓ | 1,0% ↓ | 31,0% ↓ | 65,0% ↓ | 4,0% |
| 2020 | 40,0% ↓ | 58,0% ↑ | 2,0% ↑ | 29,0% ↓ | 67,0% ↑ | 4,0% ● |
| 2021 | 36,3% ↓ | 61,8% ↑ | 1,9% ↓ | 26,8% ↓ | 71,0% ↑ | 2,2% ↓ |
| 2022 | 37,2% ↑ | 62,1% ↑ | 0,7% ↓ | 27,6% ↑ | 69,1% ↓ | 3,4% ↑ |
| 2023 | 36,0% ↓ | 60,2% ↓ | 2,1% ↑ | 24,4% ↓ | 71,3% ↑ | 2,8% ↓ |
| 2024 | 35,7% ↓ | 62,8% ↑ | 2,4% ↑ | 25,8% ↑ | 71,9% ↑ | 3,1% ↑ |
| 2025 | 34,1% ↓ | 64,0% ↑ | 2,7% ↑ | 25,1% ↓ | 72,2% ↑ | 3,3% ↑ |

▲ **TABEL 16:** Persentasie wat Wiskundige vakke neem: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2019 tot 2025. ↑↓ **Styging of daling – jaar op jaar**

In 2025 neem ongeveer 'n kwart van leerders in Afrikaanse skole steeds Wiskunde (25,1%), wat bevestig dat deelname aan die vak laer bly as die nasionale gemiddeld van 34,1%. Hierdie patroon dui op 'n volgehoue verskuiwing weg van Wiskunde, ondanks die vak se sentrale rol in toegang tot wetenskaplike, tegniese en professionele studierigtings. Die data suggereer dat leerders se vakkeuses toenemend deur korttermyn-slaagsukses beïnvloed word, eerder as deur langtermyn-akademiese oorwegings. Wiskundige Geletterdheid bly die oorheersende keuse onder leerders in Afrikaanse skole, met 72,2% wat dié vak in 2025 neem.

Alhoewel dit noodsaaklike alledaagse en finansiële vaardighede ontwikkel, sluit dit die deur na verskeie studie- en beroepsrigtings wat formele Wiskunde as minimum vereiste stel. Hierdie beperkte toegang tot wetenskaplike, ingenieurs- en ekonomiese studierigtings verskraal 'n leerder se opsies ná skool aansienlik. Die 2025-data beklemtoon dus die dringende noodsaaklikheid vir vroeë, gerigte intervensies in Afrikaanse skole – nie net om leerdervertroue in Wiskunde te herstel nie, maar om 'n kultuur te bou waarin formele Wiskunde as bereikbaar en waardevol beskou word.

| | 2025 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VAK** | **GETAL LEERDERS IN AFRIKAANSE SKOLE** | **GETAL KANDIDATE GESKRYF** | **% KANDIDATE GESKRYF** | **GETAL KANDIDATE GESLAAG** | **% KANDIDATE GESLAAG** | **GETAL ONDER-SKEIDINGS** | **% ONDER-SKEIDINGS** |
| **Wiskunde** | 70 487 | 17 686 | **25,1%** | 11 129 | **62,9%** | 1 146 | **6,5%** |
| **Wiskundige geletterdheid** | 70 487 | 50 858 | **72,2%** | 34 100 | **67,0%** | 3 227 | **6,3%** |
| **Tegniese Wiskunde** | 70 487 | 2 308 | **3,3%** | 1 485 | **64,3%** | 14 | **0,6%** |


▲ **TABEL 17:** Vergelyking in resultate van Wiskundige vakke in Afrikaanse skole: 2025.

| SKOOL | Getal Wiskunde-kandidate | % Wiskunde-kandidate | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|
| **Paul Roos Gimnasium** | 221 | 82% | 59% |
| **Hoër Meisieskool Bloemhof** | 106 | 76% | 100% |
| **Hoër Meisieskool Paarl** | 105 | 74% | 66% |
| **Die Hoërskool Menlopark** | 240 | 73% | 100% |
| **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | 169 | 68% | 100% |
| **Hoër Jongenskool Paarl** | 120 | 65% | 63% |
| **Hoërskool SA Van Wyk** | 16 | 64% | 100% |
| **Afrikaanse Hoër Seunskool** | 187 | 64% | 100% |
| **Gereformeerde Skool Dirk Postma** | 15 | 63% | 100% |
| **Hoërskool Stellenberg** | 192 | 62% | 62% |

▲ **TABEL 18:** Top 10 Afrikaanse skole met hoogste persentasie Wiskunde-kandidate.

Die tien skole op die lys toon buitengewone hoë deelname aan Wiskunde – ver bo die 25,1%-gemiddeld vir Afrikaanse skole. Dit weerspieël doelbewuste pogings om Wiskunde as kernvak te bevorder.

Die 2025-lys erken skole wat, ten spyte van nasionale afnames, 'n volhoubare Wiskunde-kultuur vestig. Deur gestruktureerde ondersteuning, hoë verwagtinge en konsekwente motivering skep hulle geleenthede vir leerders om nie net Wiskunde te kies nie, maar ook deurgaans daarin te volhard – en te slaag. Hierdie sukses beklemtoon die impak van doelgerigte leierskap en toegewyde onderrig.




▲ **GRAFIEK 3:** Wiskunde-slaagsyfer: Nasionale slaagsyfer teenoor Afrikaanse skole – 2025.

Die 2025-resultate wys dat Afrikaanse skole steeds beter in Wiskunde presteer as die nasionale gemiddeld. Die druipsyfer in Afrikaanse skole is 19,6%, teenoor 36,0% nasionaal. Verder behaal 45,0% van Afrikaanse Wiskunde-leerders 50% of hoër, byna dubbel die nasionale persentasie van 25,0%. Hierdie prestasiepatroon bevestig die sterker akademiese grondslag in Afrikaanse skole, maar beklemtoon ook die behoefte aan deurlopende ondersteuning vir leerders wat onder die 50%-vlak presteer.

| | 2025 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **GETAL KANDIDATE** | **GETAL DRUIP** | **% DRUIP** | **GETAL 30-49%** | **% 30-49%** | **GETAL 50-100%** | **% 50-100%** |
| **Nasionaal** | 25 4415 | 91 468 | **36,0%** | 99 134 | **39,0%** | 63 813 | **25,0%** |
| **Afrikaanse skole** | 17 686 | 3 465 | **19,6%** | 6 255 | **35,4%** | 7 966 | **45,0%** |

▲ **TABEL 19:** Vergelyking van die nasionale Wiskunde-slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole: 2025.


# Fisiese wetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

Die 2025-uitslae bevestig dat Afrikaanse skole steeds 'n beduidende prestasievoordeel in Fisiese Wetenskappe toon in vergelyking met die nasionale gemiddelde. Met 'n slaagsyfer van 85,3% presteer Afrikaanse skole aansienlik beter as die nasionale slaagsyfer van 77,3%. Hierdie verskil dui op 'n groter konsentrasie leerders wat 'n betekenisvolle begrip van die vakinhoud demonstreer.

Ten spyte daarvan dat Afrikaanse skole 'n relatief kleiner groep kandidate lewer, bly hul prestasiepatrone konsekwent sterk, met 'n groter proporsie leerders wat bo die minimum slaagvereistes presteer. Die 2025-data beklemtoon derhalwe die volgehoue gehalte van onderrig in Fisiese Wetenskappe binne Afrikaanse skole, en onderstreep terselfdertyd die noodsaak van voortgesette ondersteuning om hierdie hoë akademiese standaarde te handhaaf.

| | NASIONAAL | | AFRIKAANSE SKOLE | |
|---|---|---|---|---|
| JAAR | GETAL KANDIDATE | FISIESE WETENSKAPPE-SLAAGSYFER | GETAL KANDIDATE | FISIESE WETENSKAPPE-SLAAGSYFER |
| **2018** | 172 319 ↓ | **74,2%** ↑ | 15 202 ↓ | **87,3%** ↑ |
| **2019** | 164 478 ↓ | **75,5%** ↑ | 14 989 ↓ | **88,2%** ↑ |
| **2020** | 174 310 ↑ | **65,8%** ↓ | 14 148 ↓ | **83.0%** ↓ |
| **2021** | 196 968 ↑ | **69,0%** ↑ | 13 629 ↓ | **84,8%** ↑ |
| **2022** | 209 004 ↑ | **74,6%** ↑ | 13 765 ↑ | **87,7%** ↑ |
| **2023** | 191 975 ↓ | **76,0%** ↑ | 10 265 ↓ | **87,7%** ● |
| **2024** | 200 715 ↑ | **75,6%** ↓ | 11 558 ↑ | **84,2%** ↓ |
| **2025** | 205 017 ↑ | **77,3%** ↑ | 11 672 ↑ | **85,3%** ↑ |

▲ **TABEL 20:** Prestasie in Fisiese Wetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2025. ↑↓ **Styging of daling**




▲ **GRAFIEK 4:** Fisiese Wetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2025.

# Lewenswetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal


Die 2025-resultate vir Lewenswetenskappe toon 'n duidelike herstel ná 2023–2024. Beide die nasionale groep en Afrikaanse skole het beter gevaar, met Afrikaanse skole se verbetering selfs sterker. Hoewel Afrikaanse skole steeds effens onder die nasionale slaagsyfer is, het die gaping in 2025 merkbaar vernou, wat dui op doeltreffender ondersteuning en/of gerigte ingrypings.

'n Volgehoue uitdaging bly egter deelname: die getal kandidate in Afrikaanse skole het verder gedaal van 23 654 (2024) na 22 304 (2025). In 'n vak met groot waarde vir verdere studie- en loopbaanrigtings is daar 'n behoefte om meer leerders vir Lewenswetenskappe te werf. Ondersteuning moet terselfdertyd gedifferensieer word om te verseker dat die verbeterde slaagsyfer volhoubaar bly – veral in kleiner groepe leerders waar uitslae dikwels meer skommeling toon.

| | NASIONAAL | | AFRIKAANSE SKOLE | |
|---|---|---|---|---|
| JAAR | GETAL KANDIDATE | LEWENSWETENSKAPPE-SLAAGSYFER | GETAL KANDIDATE | LEWENSWETENSKAPPE-SLAAGSYFER |
| 2018 | 310 041 ↓ | 76,3% ↑ | 33 594 ↓ | 80,1% ↓ |
| 2019 | 301 037 ↓ | 72,3% ↓ | 30 689 ↓ | 72,2% ↓ |
| 2020 | 319 228 ↑ | 71,0% ↓ | 29 707 ↓ | 69.3% ↓ |
| 2021 | 384 216 ↑ | 71,5% ↑ | 29 330 ↓ | 73,9% ↑ |
| 2022 | 399 007 ↑ | 71,5% ● | 29 705 ↑ | 72,2% ↓ |
| 2023 | 372 901 ↓ | 75,6% ↑ | 24 736 ↓ | 71,1% ↓ |
| 2024 | 374 722 ↑ | 80,8% ↑ | 23 654 ↓ | 76,4% ↑ |
| 2025 | 382 379 ↑ | 83.4% ↑ | 22 304 ↓ | 81,5% ↑ |

▲ **TABEL 21:** Prestasie in Lewenswetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2025. ↑↓ **Styging of daling**

## LEWENSWETENSKAPPE-SLAAGSYFER 2025: NASIONAAL TEENOOR AFRIKAANSE SKOLE




▲ **GRAFIEK 5:** Lewenswetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2025.

## Afrikaans Huistaal-prestasie

Die 2025-syfers bevestig dat Afrikaans Huistaal se prestasie nie net hoog bly nie, maar op 'n baie sterk vlak begin stabiliseer. Die slaagsyfer het effens gestyg en die aantal kandidate het ook toegeneem, wat die prestasie nog meer betekenisvol maak. In vergelyking met 2019–2022, toe die slaagsyfer laer en meer wisselvallig was, toon die resultate sedert 2023 'n duidelike skuif na 'n nuwe, sterker prestasievlak.

Die groei in onderskeidings is veral verblydend: van 3 315 (6,9%) in 2024 na 3 740 (7,7%) in 2025 – 'n toename van 425 onderskeidings en 0,8 persentasiepunte. Dit dui daarop dat verbetering nie net by die "deurkom"-vlak plaasvind nie, maar ook aan die toppunt van prestasie, waar konsekwente taalvaardigheid, begrip en skryfkwaliteit 'n direkte rol speel. Hierdie syfers onderstreep weer die waarde van sterk moedertaalonderrig: wanneer kandidate Afrikaans as akademiese instrument behoorlik bemeester, versterk dit leesbegrip, interpretasie en argumentasie – vaardighede wat in alle vakke deurslaggewend is. Die 2025-resultate maak dus 'n duidelike punt: belegging in taal bly 'n belegging in breër akademiese sukses, en die stygende onderskeidings bevestig dat daar toenemend ook op uitnemendheid gefokus word.

**PRESTASIE IN AFRIKAANS HUISTAAL: 2020 TOT 2025**

| JAAR | GETAL KANDIDATE GESKRYF | GETAL KANDIDATE GESLAAG | PERSENTASIE GESLAAG | GETAL ONDERSKEIDINGS | PERSENTASIE WAT VAK NEEM |
|---|---|---|---|---|---|
| **2020** | 44 909 ↓ | 42 853 ↓ | **95,4%** ↑ | 2 702 ↑ | **6,3%** ↑ |
| **2021** | 47 337 ↑ | 45 079 ↑ | **95,2%** ↓ | 2 377 ↓ | **5,0%** ↓ |
| **2022** | 47 648 ↑ | 45 035 ↓ | **94,5%** ↓ | 1 846 ↓ | **3,8%** ↓ |
| **2023** | 47 615 ↓ | 45 745 ↑ | **96,1%** ↑ | 2 553 ↑ | **5,4%** ↑ |
| **2024** | 47 765 ↑ | 46 905 ↑ | **98,2%** ↑ | 3 315 ↑ | **6,9%** ↑ |
| **2025** | 48 554 ↑ | 47 772 ↑ | **98,4%** ↑ | 3 740 ↑ | **7,7%** ↑ |

▲ **TABEL 22:** Prestasie in Afrikaans Huistaal: 2020 tot 2025.

↑↓ **Styging of daling**

**2025**

| HUISTAAL | GETAL GESKRYF | GETAL GESLAAG | & GESLAAG | GETAL ONDER-SKEIDINGS | % ONDER-SKEIDINGS |
|---|---|---|---|---|---|
| **Afrikaans** | **48 554** | 47 772 | 98,4% | 3 740 | 7,7% |
| **Engels** | **135 099** | 131 007 | 97,0% | 5 837 | 4,3% |
| **IsiZulu** | **194 126** | 193 673 | 99,8% | 45 016 | 23,2% |
| **IsiXhosa** | **122 760** | 122 278 | 99,6% | 8 383 | 6,8% |
| **Sepedi** | **79 540** | 78 769 | 99,0% | 1 419 | 1,8% |

▲ **TABEL 23:** Vergelyking van die prestasie van die vyf grootste huistale: 2025.

Die 2025-vergelyking van die vyf grootste Huistale toon dat slaagsyfers oor alle tale uiters hoog bly, met Afrikaans wat 'n sterk 98,4% slaagsyfer en 7,7% onderskeidings behaal. Afrikaans se onderskeidingspersentasie is hoër as Engels (4,3%) en Sepedi (1,8%), en effens hoër as isiXhosa (6,8%). IsiZulu staan egter ver uit met 'n 99,8% slaagsyfer en 'n baie hoë 23,2% onderskeidings, wat vrae laat ontstaan oor die vergelykbaarheid en standaardisering van Huistaalassessering tussen tale. Hierdie resultate beklemtoon wel die belang van sterk moedertaalvaardigheid as grondslag vir akademiese sukses.

# TOP 20-SKOLE

# Dié skole BLINK UIT in 2025

- Nasionaal
- Afrikaanse skole
- Klein Afrikaanse skole
- Provinsies se top 3-Afrikaanse skole
- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Fisiese Wetenskappe
- Rekeningkunde
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Inligtingstegnologie
- Wiskundige Geletterdheid



Só werk die tabelle: **A-LYS** – Skole met die meeste onderskeidings per vak (groter skole word hier bevoordeel); **B-LYS** – Skole met die hoogste persentasie onderskeidings van leerders wat die vak geneem het. Die lyste sluit alle skole in wat die NSS in 2025 afgelê het. **Afrikaanse skole is in vetdruk aangedui.** Afrikaanse skole sluit alle enkelmedium-, parallelmedium- en dubbelmediumskole met ten minste 15 Afrikaans Huistaal kandidate in. Dit sluit ook Engelse skole in wat Afrikaans Huistaal aanbied. Die **persentasie Afrikaanse leerders** word in die regterkantste kolom aangedui. Syfers is soos deur die DBO verskaf.

# A NASIONAAL

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings

Die top 10-skole in die land is **Afrikaanse skole.**

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal onderskeidings | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Gauteng | **Hoërskool Waterkloof** | **393** | **960** | **100%** |
| 2 | Gauteng | **Die Hoërskool Menlopark** | **330** | **939** | **100%** |
| 3 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | **247** | **791** | **100%** |
| 4 | Gauteng | **Hoërskool Zwartkop** | **342** | **759** | **100%** |
| 5 | Wes-Kaap | **Hoërskool Outeniqua** | **353** | **727** | **100%** |
| 6 | Gauteng | **Hoërskool Garsfontein** | **354** | **721** | **100%** |
| 7 | Wes-Kaap | **Hoërskool Durbanville** | **300** | **708** | **100%** |
| 8 | Wes-Kaap | **Paul Roos Gimnasium** | **268** | **637** | **59%** |
| 9 | Wes-Kaap | **Hoërskool Stellenberg** | **309** | **605** | **62%** |
| 10 | Wes-Kaap | **Hoërskool Parel Vallei** | **257** | **600** | **35%** |
| 11 | KwaZulu-Natal | Bizimali High School | 438 | 598 | 0% |
| 12 | Wes-Kaap | Rhenish Girls' High School | 146 | 589 | 0% |
| 13 | Wes-Kaap | Fairmont High School | 280 | 586 | 0% |
| 14 | Wes-Kaap | Rustenburg Girls' High School | 159 | 571 | 0% |
| 15 | KwaZulu-Natal | Sibusisiwe Technical High School | 267 | 568 | 0% |
| 16 | Gauteng | **Hoërskool Noordheuwel** | **373** | 549 | **100%** |
| 17 | Wes-Kaap | Westerford High School | 180 | 547 | 0% |
| 18 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Bloemhof** | **140** | **508** | **100%** |
| 19 | KwaZulu-Natal | Durban Girls' High School | 243 | 502 | 0% |
| 20 | KwaZulu-Natal | Menzi High School | 226 | 501 | 0% |

▲ **TABEL 24:** Top 20-skole met die meeste onderskeidings landwyd.

35%

Sewe van die top 20-skole met die meeste A's per kandidaat is **meisieskole**.

Sewe **Afrikaanse skole** pryk op die nasionale lys van skole wat die meeste onderskeidings in 2025 behaal het.

SKOLE ondersteuningsentrum

# B NASIONAAL

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal A's | A's per kandidaat | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | KwaZulu-Natal | Anton Lembede Academy | 109 | 473 | 4,34 | 0% |
| 2 | Wes-Kaap | Rhenish Girls' High School | 146 | 589 | 4,03 | 0% |
| 3 | Wes-Kaap | Herzlia High School | 90 | 336 | 3,73 | 0% |
| 4 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Bloemhof** | **140** | **508** | **3,63** | **100%** |
| 5 | Wes-Kaap | Rustenburg Girls' High School | 159 | 571 | 3,59 | 0% |
| 6 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Paarl** | **142** | **487** | **3,43** | **66%** |
| 7 | Wes-Kaap | Bishops Diocesan College | 143 | 466 | 3,26 | 0% |
| 8 | KwaZulu-Natal | Star College | 86 | 279 | 3,24 | 0% |
| 9 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | **247** | **791** | **3,20** | **100%** |
| 10 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool La Rochelle** | **117** | **374** | **3,20** | **51%** |
| 11 | Wes-Kaap | Springfield Convent of the Holy Rosary | 99 | 307 | 3,10 | 0% |
| 12 | Wes-Kaap | Westerford High School | 180 | 547 | 3,04 | 0% |
| 13 | Gauteng | **Die Hoërskool Menlopark** | **330** | **939** | **2,85** | **100%** |
| 14 | Gauteng | Lenasia Muslim School | 74 | 209 | 2,82 | 0% |
| 15 | KwaZulu-Natal | Mandla Mthethwa School of Excellence | 98 | 272 | 2,78 | 0% |
| 16 | Vrystaat | Eunice High School | 158 | 418 | 2,65 | 0% |
| 17 | Wes-Kaap | Rondebosch Boys' High School | 179 | 440 | 2,46 | 0% |
| 18 | Gauteng | **Hoërskool Waterkloof** | **393** | **960** | **2,44** | **100%** |
| 19 | KwaZulu-Natal | Macingwane High School | 193 | 468 | 2,42 | 0% |
| 20 | Wes-Kaap | **Paul Roos Gimnasium** | **268** | **637** | **2,38** | **59%** |

▲ **TABEL 25:** Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd.

SKOLE
ondersteuningsentrum

**Om op die top 20-lys van Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings (A-lys) en die B-lys vir die meeste onderskeidings per getal kandidate te verskyn, moet skole ten minste 33,3% Afrikaanse leerders hê.**

**11 899**

Die totale getal onderskeidings wat die top 20-Afrikaanse skole se 5 603 kandidate behaal het. Dit is 2,12 onderskeidings per kandidaat.

# A Afrikaanse skole

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal onderskeidings | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Gauteng | Hoërskool Waterkloof | 393 | 960 | 100 |
| 2 | Gauteng | Die Hoërskool Menlopark | 330 | 939 | 100 |
| 3 | Gauteng | Afrikaanse Hoër Meisieskool | 247 | 791 | 100 |
| 4 | Gauteng | Hoërskool Zwartkop | 342 | 759 | 100 |
| 5 | Wes-Kaap | Hoërskool Outeniqua | 353 | 727 | 100 |
| 6 | Gauteng | Hoërskool Garsfontein | 354 | 721 | 100 |
| 7 | Wes-Kaap | Hoërskool Durbanville | 300 | 708 | 100 |
| 8 | Wes-Kaap | Paul Roos Gimnasium | 268 | 637 | 59 |
| 9 | Wes-Kaap | Hoërskool Stellenberg | 309 | 605 | 62 |
| 10 | Wes-Kaap | Hoërskool Parel Vallei | 257 | 600 | 35 |
| 11 | Gauteng | Hoërskool Noordheuwel | 373 | 549 | 100 |
| 12 | Wes-Kaap | Hoër Meisieskool Bloemhof | 140 | 508 | 100 |
| 13 | Wes-Kaap | DF Akademie | 219 | 498 | 100 |
| 14 | Wes-Kaap | Hoër Meisieskool Paarl | 142 | 487 | 66 |
| 15 | Gauteng | Afrikaanse Hoër Seunskool | 294 | 448 | 100 |
| 16 | Mpumalanga | Hoërskool Nelspruit | 275 | 402 | 100 |
| 17 | Gauteng | Hoërskool Montana | 295 | 394 | 86 |
| 18 | Gauteng | Hoërskool Eldoraigne | 244 | 393 | 100 |
| 19 | Wes-Kaap | Hoërskool Bellville | 246 | 391 | 100 |
| 20 | Wes-Kaap | Paarl Gimnasium | 222 | 382 | 100 |

▲ **TABEL 26:** Top 20-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd.

65%

Dertien van die top 20-skole in die land met die meeste A's per kandidaat, is **Afrikaans-enkelmediumskole.**

Die vier topskole is meisieskole, met **Hoër Meisieskool Bloemhof** wat hul topposisie behou met 3,63 A's per kandidaat.

SKOLE ondersteuningsentrum

# B Afrikaanse skole

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal A's | A's per kandidaat | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Wes-Kaap | Hoër Meisieskool Bloemhof | 140 | 508 | 3,63 | 100 |
| 2 | Wes-Kaap | Hoër Meisieskool Paarl | 142 | 487 | 3,43 | 66 |
| 3 | Gauteng | Afrikaanse Hoër Meisieskool | 247 | 791 | 3,20 | 100 |
| 4 | Wes-Kaap | Hoër Meisieskool La Rochelle | 117 | 374 | 3,20 | 51 |
| 5 | Gauteng | Die Hoërskool Menlopark | 330 | 939 | 2,85 | 100 |
| 6 | Gauteng | Hoërskool Waterkloof | 393 | 960 | 2,44 | 100 |
| 7 | Wes-Kaap | Paul Roos Gimnasium | 268 | 637 | 2,38 | 59 |
| 8 | Wes-Kaap | Hoërskool Durbanville | 300 | 708 | 2,36 | 100 |
| 9 | Wes-Kaap | Hoërskool Parel Vallei | 257 | 600 | 2,33 | 35 |
| 10 | Gauteng | Hoërskool Linden | 155 | 359 | 2,32 | 100 |
| 11 | Vrystaat | C & N Sekondêre Meisieskool Oranje | 145 | 331 | 2,28 | 100 |
| 12 | Wes-Kaap | DF Akademie | 219 | 498 | 2,27 | 100 |
| 13 | Noordwes | Hoërskool Ferdinand Postma | 73 | 163 | 2,23 | 51 |
| 14 | Gauteng | Hoërskool Zwartkop | 342 | 759 | 2,22 | 100 |
| 15 | Wes-Kaap | Hoërskool Outeniqua | 353 | 727 | 2,06 | 100 |
| 16 | Gauteng | Hoërskool Garsfontein | 354 | 721 | 2,04 | 100 |
| 17 | Wes-Kaap | Hoërskool Stellenberg | 309 | 605 | 1,96 | 62 |
| 18 | Gauteng | Hoërskool Randburg | 177 | 322 | 1,82 | 100 |
| 19 | Noordwes | Potchefstroom Gimnasium | 199 | 357 | 1,79 | 100 |
| 20 | Wes-Kaap | Hoër Jongenskool Paarl | 185 | 322 | 1,74 | 63 |

▲ **TABEL 27:** Top 20-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd.

SKOLE
ondersteuningsentrum

**Klein skole** is skole met 'n minimum van 10 kandidate en 'n maksimum van 50 leerders in matriek.

**CVO skole het as 'n groep vanjaar 'n 100% slaagsyfer. Hulle skryf die IEB eksamen.** (IEB skole vorm nie deel van die SOS verslag se top 20 lyste, wat DBO uitslae weergee nie.)

# A Klein Afrikaanse skole

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal onderskeidings | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Wes-Kaap | **Hoërskool Lutzville** | 37 | 51 | 100 |
| 2 | KwaZulu-Natal | **Gelofte Skool** | 42 | 35 | 100 |
| 3 | Noord-Kaap | **Hoërskool Martin Oosthuizen** | 42 | 34 | 100 |
| 4 | Vrystaat | **Hoërskool Bothaville** | 47 | 32 | 100 |
| 5 | Noord-Kaap | **Hoërskool Hopetown** | 22 | 31 | 100 |
| 6 | Vrystaat | **Hoërskool Vrede** | 23 | 30 | 100 |
| 7 | Gauteng | **Gereformeerde Skool Dirk Postma** | 24 | 30 | 100 |
| 8 | Vrystaat | **Hoërskool Reitz** | 22 | 24 | 100 |
| 9 | Mpumalanga | **Komatipoort Akademie** | 25 | 23 | 100 |
| 10 | Noordwes | **Hoërskool Stella** | 25 | 23 | 100 |
| 11 | Vrystaat | **Hoërskool Wilgerivier** | 33 | 19 | 100 |
| 12 | Oos-Kaap | **Hoërskool Middelburg** | 34 | 19 | 100 |
| 13 | Vrystaat | **Hoërskool Sandveld** | 16 | 17 | 100 |
| 14 | Vrystaat | **Hoërskool Heilbron** | 25 | 17 | 100 |
| 15 | Noord-Kaap | **Hoërskool Douglas** | 31 | 15 | 100 |
| 16 | Oos-Kaap | **Hoërskool P J Olivier** | 31 | 15 | 100 |
| 17 | Vrystaat | **Hoërskool Bultfontein** | 38 | 15 | 100 |
| 18 | Vrystaat | **Hoërskool Hendrik Potgieter** | 17 | 14 | 100 |
| 19 | Vrystaat | **Hoërskool Hoopstad** | 19 | 14 | 100 |
| 20 | Oos-Kaap | **Hoër Landbouskool Marlow** | 37 | 14 | 100 |

▲ **TABEL 28:** Top 20-klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd.

**Die Gereformeerde Skool Dirk Postma** lê ook 6e op die lys van Top 20-skole vir Wiskunde met die meeste onderskeidings per getal kandidate.

Die top SACAI aanlyn skool in die land is Nukleus – **'n Afrikaanse skool wat Wolkskool gebruik.**

SKOLE ondersteuningsentrum

# B Klein Afrikaanse skole

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal A's | A's per kandidaat | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Noord-Kaap | Hoërskool Hopetown | 22 | 31 | 1,41 | 100% |
| 2 | Wes-Kaap | Hoërskool Lutzville | 37 | 51 | 1,38 | 100% |
| 3 | Vrystaat | Hoërskool Vrede | 23 | 30 | 1,30 | 100% |
| 4 | Gauteng | Gereformeerde Skool Dirk Postma | 24 | 30 | 1,25 | 100% |
| 5 | Vrystaat | Hoërskool Reitz | 22 | 24 | 1,09 | 100% |
| 6 | Vrystaat | Hoërskool Sandveld | 16 | 17 | 1,06 | 100% |
| 7 | Mpumalanga | Komatipoort Akademie | 25 | 23 | 0,92 | 100% |
| 8 | Noordwes | Hoërskool Stella | 25 | 23 | 0,92 | 100% |
| 9 | KwaZulu-Natal | Gelofte Skool | 42 | 35 | 0,83 | 100% |
| 10 | Vrystaat | Hoërskool Hendrik Potgieter | 17 | 14 | 0,82 | 100% |
| 11 | Noord-Kaap | Hoërskool Martin Oosthuizen | 42 | 34 | 0,81 | 100% |
| 12 | Vrystaat | Hoërskool Hoopstad | 19 | 14 | 0,74 | 100% |
| 13 | Vrystaat | Hoërskool Bothaville | 47 | 32 | 0,68 | 100% |
| 14 | Vrystaat | Hoërskool Heilbron | 25 | 17 | 0,68 | 100% |
| 15 | Vrystaat | Hoërskool Wilgerivier | 33 | 19 | 0,58 | 100% |
| 16 | Oos-Kaap | Hoërskool Middelburg | 34 | 19 | 0,56 | 100% |
| 17 | Oos-Kaap | Hoërskool Mclachlan | 20 | 10 | 0,50 | 100% |
| 18 | Noord-Kaap | Hoërskool Douglas | 31 | 15 | 0,48 | 100% |
| 19 | Oos-Kaap | Hoërskool P J Olivier | 31 | 15 | 0,48 | 100% |
| 20 | Noord-Kaap | Hoërskool SA Van Wyk | 25 | 12 | 0,48 | 100% |

▲ **TABEL 29:** Top 20-klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd.





# Provinsies

Om op dié provinsiale top 3-lys te verskyn, moet skole ten minste 80% Afrikaanse leerders hê.

## Top 3-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal A's | A's per kandidaat | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | **247** | **791** | **3,20** | **100%** |
| 2 | Gauteng | **Die Hoërskool Menlopark** | **330** | **939** | **2,85** | **100%** |
| 3 | Gauteng | **Hoërskool Waterkloof** | **393** | **960** | **2,44** | **100%** |
| 1 | KwaZulu-Natal | **Hoërskool Pionier** | **61** | **52** | **0,85** | **100%** |
| 2 | KwaZulu-Natal | **Gelofte Skool** | **42** | **35** | **0,83** | **100%** |
| 3 | KwaZulu-Natal | **Hoërskool Suid-Natal** | **64** | **37** | **0,58** | **100%** |
| 1 | Limpopo | **Hoërskool Pietersburg** | **231** | **182** | **0,79** | **100%** |
| 2 | Limpopo | **Hoërskool Frikkie Meyer** | **153** | **111** | **0,73** | **79%** |
| 3 | Limpopo | **Hoërskool Hans Strijdom** | **103** | **40** | **0,39** | **86%** |
| 1 | Mpumalanga | **Hoërskool Nelspruit** | **275** | **402** | **1,46** | **100%** |
| 2 | Mpumalanga | **Komatipoort Akademie** | **25** | **23** | **0,92** | **100%** |
| 3 | Mpumalanga | **Hoër Tegniese Skool Middelburg** | **220** | **179** | **0,81** | **89%** |
| 1 | Noordwes | **Potchefstroom Gimnasium** | **199** | **357** | **1,79** | **100%** |
| 2 | Noordwes | **Hoërskool Wesvalia** | **163** | **239** | **1,47** | **100%** |
| 3 | Noordwes | **Hoër Volkskool Potchefstroom** | **161** | **203** | **1,26** | **100%** |

▲ **TABEL 30:** Top 3-Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat per provinsie.





**791**
Die getal onderskeidings wat **Afrikaanse Hoër Meisieskool** behaal het.

**3,63**
**Hoër Meisieskool Bloemhof** se getal onderskeidings per kandidaat.

**3**
In drie provinsies kraai **meisieskole** koning, naamlik Gauteng, die Vrystaat en die Wes-Kaap.

**89%**
van die skole op die provinsiale top 3-lys is **Afrikaans-enkelmediumskole.**

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal A's | A's per kandidaat | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Noord-Kaap | **Hoërskool Hopetown** | **22** | **31** | **1,41** | **100%** |
| 2 | Noord-Kaap | **Hoërskool Martin Oosthuizen** | **42** | **34** | **0,81** | **100%** |
| 3 | Noord-Kaap | **Hoërskool Colesberg** | **57** | **45** | **0,79** | **100%** |
| 1 | Oos-Kaap | **Hoërskool Framesby** | **215** | **253** | **1,18** | **100%** |
| 2 | Oos-Kaap | **Hoërskool Grens** | **84** | **83** | **0,99** | **100%** |
| 3 | Oos-Kaap | **Die Brandwag Hoërskool** | **175** | **113** | **0,65** | **100%** |
| 1 | Vrystaat | **C & N Sekondêre Meisieskool Oranje** | **145** | **331** | **2,28** | **100%** |
| 2 | Vrystaat | **Hoërskool Jim Fouche** | **196** | **271** | **1,38** | **100%** |
| 3 | Vrystaat | **Hoërskool Vrede** | **23** | **30** | **1,30** | **100%** |
| 1 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Bloemhof** | **140** | **508** | **3,63** | **100%** |
| 2 | Wes-Kaap | **Hoërskool Durbanville** | **300** | **708** | **2,36** | **100%** |
| 3 | Wes-Kaap | **DF Akademie** | **219** | **498** | **2,27** | **100%** |





SKOLE ondersteuningsentrum

Om op die onderskeie **vaklyste** te verskyn, moes minstens 15 kandidate die betrokke vak geneem het.

Skole in die **Wes-Kaap** en **Gauteng** het oudergewoonte in Afrikaans Huistaal uitgeblink. Die Wes-Kaap spog met onderskeidelik tien en sestien skole op die A- en B-lyste, terwyl Gauteng met nege en vier skole op dié twee lyste spog.

# A Afrikaans Huistaal

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal onderskeidings | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | 247 | 151 | 100% |
| 2 | Gauteng | **Die Hoërskool Menlopark** | 330 | 139 | 100% |
| 3 | Gauteng | **Hoërskool Waterkloof** | 394 | 139 | 100% |
| 4 | Wes-Kaap | **Hoërskool Outeniqua** | 355 | 114 | 100% |
| 5 | Wes-Kaap | **Hoërskool Durbanville** | 301 | 104 | 100% |
| 6 | Wes-Kaap | **DF Akademie** | 219 | 98 | 100% |
| 7 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Bloemhof** | 140 | 96 | 100% |
| 8 | Wes-Kaap | **Hoërskool Stellenberg** | 192 | 92 | 62% |
| 9 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Seunskool** | 294 | 76 | 100% |
| 10 | Gauteng | **Hoërskool Garsfontein** | 354 | 75 | 100% |
| 11 | Gauteng | **Hoërskool Zwartkop** | 342 | 72 | 100% |
| 12 | Wes-Kaap | **Hoërskool Bellville** | 246 | 69 | 100% |
| 13 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Paarl** | 94 | 60 | 66% |
| 14 | Wes-Kaap | **Paul Roos Gimnasium** | 158 | 55 | 59% |
| 15 | Wes-Kaap | **Paarl Gimnasium** | 222 | 54 | 100% |
| 16 | Gauteng | **Hoërskool Eldoraigne** | 244 | 54 | 100% |
| 17 | Gauteng | **Hoërskool Montana** | 255 | 54 | 86% |
| 18 | Gauteng | **Hoërskool Noordheuwel** | 373 | 51 | 100% |
| 19 | Wes-Kaap | **Hoërskool Stellenbosch** | 133 | 49 | 100% |
| 20 | Mpumalanga | **Hoërskool Nelspruit** | 275 | 47 | 100% |

▲ **TABEL 31:** Top 20-skole met die meeste Afrikaans Huistaal-onderskeidings.

Daar is **3 Plattelandse skole** op die Top 20-lys.

Meer as die helfte (69%) van **Hoër Meisieskool Bloemhof** se 140 kandidate behaal 'n A-simbool in Afrikaans Huistaal.

SKOLE ondersteuningsentrum

# B Afrikaans Huistaal

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings per getal kandidate

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal A's | Persentasie A's | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Bloemhof** | **140** | **96** | **69%** | **100%** |
| 2 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool Paarl** | **94** | **60** | **64%** | **66%** |
| 3 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | **247** | **151** | **61%** | **100%** |
| 4 | Wes-Kaap | **Hoër Meisieskool La Rochelle** | **60** | **33** | **55%** | **51%** |
| 5 | Wes-Kaap | **Hoërskool Stellenberg** | **192** | **92** | **48%** | **62%** |
| 6 | Wes-Kaap | **DF Akademie** | **219** | **98** | **45%** | **100%** |
| 7 | Gauteng | **Die Hoërskool Menlopark** | **330** | **139** | **42%** | **100%** |
| 8 | Wes-Kaap | **Hoërskool Parel Vallei** | **91** | **35** | **38%** | **35%** |
| 9 | Wes-Kaap | **Hoërskool Stellenbosch** | **133** | **49** | **37%** | **100%** |
| 10 | Gauteng | **Hoërskool Waterkloof** | **394** | **139** | **35%** | **100%** |
| 11 | Wes-Kaap | **Paul Roos Gimnasium** | **158** | **55** | **35%** | **59%** |
| 12 | Wes-Kaap | **Melkbosstrand High School** | **75** | **26** | **35%** | **38%** |
| 13 | Wes-Kaap | **Hoërskool Durbanville** | **301** | **104** | **35%** | **100%** |
| 14 | Wes-Kaap | **Hoërskool Outeniqua** | **355** | **114** | **32%** | **100%** |
| 15 | Wes-Kaap | **Hoërskool Hopefield** | **71** | **22** | **31%** | **79%** |
| 16 | Wes-Kaap | **Hoërskool Langenhoven** | **104** | **32** | **31%** | **100%** |
| 17 | Wes-Kaap | **Hoërskool Swellendam** | **71** | **21** | **30%** | **100%** |
| 18 | Gauteng | **Hoërskool Linden** | **157** | **46** | **29%** | **100%** |
| 19 | Wes-Kaap | **Hoërskool Bellville** | **246** | **69** | **28%** | **100%** |
| 20 | Wes-Kaap | Protea Heights Academy | 15 | 4 | 27% | 8% |

▲ **TABEL 32:** Top 20-skole met die meeste Afrikaans Huistaal-onderskeidings per getal kandidate.

SKOLE
ondersteuningsentrum

90%

Agtien van die top 20-skole met die meeste A's is **Afrikaanse skole**, waarvan sestien enkelmediumskole is.

Tien skole uit **Gauteng** pryk op die top 20-lys vir die meeste onderskeidings in Engels EAT. Sewe skole uit die Wes-Kaap en twee uit Limpopo is ook op die A-lys.

# A Engels Eerste Addisionele Taal

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal onderskeidings | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | **210** | **132** | **100%** |
| 2 | Gauteng | **Die Hoërskool Menlopark** | **291** | **129** | **100%** |
| 3 | Gauteng | **Hoërskool Zwartkop** | **322** | **123** | **100%** |
| 4 | Gauteng | **Hoërskool Waterkloof** | **367** | **116** | **100%** |
| 5 | Wes-Kaap | **Hoërskool Durbanville** | **258** | **114** | **100%** |
| 6 | Wes-Kaap | **Hoërskool Outeniqua** | **305** | **103** | **100%** |
| 7 | Gauteng | **Hoërskool Noordheuwel** | **373** | **82** | **100%** |
| 8 | Gauteng | **Hoërskool Montana** | **255** | **81** | **86%** |
| 9 | Wes-Kaap | **Hoërskool Bellville** | **215** | **77** | **100%** |
| 10 | Gauteng | **Hoërskool Garsfontein** | **339** | **64** | **100%** |
| 11 | Mpumalanga | **Hoërskool Nelspruit** | **275** | **59** | **100%** |
| 12 | Wes-Kaap | **DF Akademie** | **141** | **58** | **100%** |
| 13 | Wes-Kaap | **Hoërskool Meisieskool Bloemhof** | **96** | **57** | **100%** |
| 14 | Gauteng | **Hoërskool Eldoraigne** | **244** | **56** | **100%** |
| 15 | Wes-Kaap | **Paarl Gimnasium** | **189** | **55** | **100%** |
| 16 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Seunskool** | **273** | **53** | **100%** |
| 17 | Wes-Kaap | **Hoërskool Stellenberg** | **161** | **52** | **62%** |
| 18 | Gauteng | **Hoërskool Randburg** | **157** | **50** | **100%** |
| 19 | Limpopo | Thengwe High School | 494 | 47 | 0% |
| 20 | Limpopo | St George College | 89 | 45 | 0% |

**TABEL 33:** Top 20-skole met die meeste Engels Eerste Addisionele Taal-onderskeidings.

**Enkelmediumskole** het uitsonderlik in Engels Eerste Addisionele Taal gevaar, met tien Afrikaans-enkelmediumskole wat op die lys vir die meeste onderskeidings per getal kandidate pryk.

Altesaam 60% van die onderskeidings wat skole op die B-lys ingoes het, is deur kandidate in die **Wes-Kaap** behaal. Drie meisieskole beklee die topposisies. Afrikaanse Hoër Meisieskool se 210 kandidate is eerste met 132 onderskeidings.

SKOLE ondersteuningsentrum

# B Engels Eerste Addisionele Taal

## Top 20-skole met die meeste onderskeidings per getal kandidate

| | Provinsie | Skool | Getal kandidate | Getal A's | Persentasie A's | % Afrikaanse leerders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Gauteng | **Afrikaanse Hoër Meisieskool** | **210** | **132** | **63%** | **100%** |
